




MATIELAND





Oor die jare heen is SBW se bedreweheid in die bereiding van keurwyne en spiritualieë van geslag tot geslag oorgedra en vervolmaak.


Vandag is hierdie selfde sorg en toewyding nog steeds kenmerkend van elke druppel drank wat ons kelders verlaat.

Hierdie sorg kring ook buite die maatskappy uit. Bydraes tot die verbetering van die lewenskwaliteit van ons breër samelewing is ewe belangrik.

Aangeleenthede soos opvoeding, sport, joernalistiek en die uitvoerende kunste word ook ondersteun.

Ons glo daarin om net soveel aandag aan die gemeenskap te wy as aan die gehalte van ons produkte. Sodoende kan almal in die vrug op die arbeid deel.

STELLENBOSCH-BOEREWYNMAKERY.
'n Tradisie van toewyding en gehalte.



**ONS STREWE NA
GEHALTE LÊ DIEPGEWORTEL
IN DIE VERLEDE**

Redaksioneel.....	3
Fokus op.....	3
'n Kwarteeu gelede	4
Briewe	5
'Met sulke jong mense wag 'n mooi toekoms'	6
Eerste Minister word Kanselier	7
Konvokasie kies 3 nuwe raadslede	8
Horwood, Rive en Schumann word vereer	8
48 verwerf doktorsgrade	10
'Prof Klein-Gawie' 'n Stellenbosser soos min.....	15
Bibliotekaris, 12 dosente span uit.....	16
Ingenieurswese 40 jaar oud	17
Oxfordse oud-hoof besoek sy Matie-Akker	18
Seniors ontngugter 'n depressiesot.....	19
Winterskool bied weer baie.....	20
SR soek 'n nuwe lied	20
Wassermann volg Brink op	21
Saamtrek kom vir wyn- en wingerdkenners	22
MBA-programme word al gewilder.....	23
Kampus kry 'n nuwe 'hart'	24
Top awards to 3 academics	26
Studenteleier beïndruk VSA-Kongres.....	27
In Memoriam	28
Koringraad gee baie vir navorsing oor gehalte....	29
Van ons donateurs	30
1983 beslis 'n suksesjaar	33
Wilgenhof se 'balie' van 1931 weer byeen	48

Voorblad: 'n Deel van die "nuwe" Jan Marais-plein, met op die voorgrond die ingang van die ondergrondse J. S. Gericke-biblioteek. Lees berig op bl. 24.
(Foto: Antemie Carstens, Buro vir Universiteitsonderwys, US).

Redakteur: Hans Oosthuizen
Assistent: Willie Louw


Redaksiekantoor:
Departement Ontwikkeling
Universiteit van Stellenbosch
7600 Stellenbosch
Tel. (02231) 77633; 77639
Teleks: 5720383

***Matieland** word drie keer per jaar uitgegee vir oud-studente en donateurs van die Universiteit van Stellenbosch.*


Websen Design · Unifoto · NBD



Depressiesot bl. 19



Bellvillepark bl. 23





Matie-diplomaat bl. 27



'Balie' van. 1931 bl. 48

BP VISCO 2000

DIE SKILD WAT HOËR BESKERMING BIED



Die olie te sterk om af te breek

In BP se volgehoue strewe na beter produkte het ons BP VISCO 2000 geformuleer. Om u motor 'n hoër vlak van beskerming te gee. Met 'n skild teen hitte wat deur wrywing veroorsaak word. 'n Skild teen korrosie en slytasie.

BP VISCO 2000 is onder Suid-Afrika se strafste toestande getoets: skroeiende woestynson, verstikkende stof, sleurende stadsverkeer. Onder alle omstandighede het BP VISCO 2000 bewys dat dit, binne



aanbevole olieruiperodes, so sterk is dat nóg die hoogste enjin-temperatuur, nóg die hoogste enjinomwentelinge dit kan afbreek. BP VISCO 2000. Ontwikkel in BP se strewe na die volmaakte.

Draai in waar u die BP WELKOM-teken sien. Vra om BP VISCO 2000 10w-40 en gee u motor 'n skild te sterk om af te breek.



Ons laat die wiele rol.



Redaksioneel

PRESTIGE VIR 'N HOË AMP

Dr P. W. Botha se onbestrede verkiesing as die Universiteit se tiende Kanselier plaas hom in die ry van nog twee vorige eerste ministers, dr. D. F. Malan en B. J. Vorster, wat ook die kanselierkamp van Stellenbosch beklee het. Die bekleër van hierdie nie-uitvoerende, nie-doserende amp word by 'n universiteit gekies uit hoofde van sy prestasies in die samelewing en in die landsbelang, sy bekendheid in die breër volksverband en die mate van aansien wat hy sodoende aan die bekleding van die amp verleen.

Aan die nuwe Kanselier se prestasies in hierdie verband het die Universiteit agt jaar gelede – nog voordat dr. Botha Suid-Afrika se uitvoerende staatshoof geword het – erkenning gegee toe die heel hoogste akademiese toekenning wat 'n universiteit kan maak, 'n eredoktorsgraad, aan hom verleen is (in dié geval

die enigste in die land wat tot dusver in die krygskunde toegeken is).

Alle konvokasielede (en dit sluit elkeen in wat reeds 'n graad aan US verwerf het) het deur die stemreg waaroor hulle beskik, en op grond van hul meelewing met en belangstelling in hul Alma Mater, 'n aandeel in dr. Botha se onbestrede verkiesing tot Kanselier gehad. Hulle keuse is iemand wie se statuur as landsleier verdere prestige aan die kanseliersamp van Stellenbosch kan verleen.

Dit beklemtoon dié strewe

Ten spyte van ongunstige ekonomiese faktore en die knellende droogte was 1983 vir die Universiteit se fondsin-samelingsveldtog, Stellenbosch 2000, 'n suksesjaar sonder weerga. Die fonds het met byna vyftig persent tot meer as R9 miljoen gegroei – dit is amper die helfte van die mikpunt van R20 miljoen wat in

Augustus 1980 met die aanvang van die veldtog gestel is. Slegs aan kontantskenkings is die rekordbedrag van R2 052 161 verlede jaar ingesamel.

Die opbrengs van die fonds stel die Universiteit onder meer in staat om vanjaar slegs uit hierdie bron R180 000 aan *nagraadse* beurse te bestee en om ook in ander opsigte vir navorsing en (veral *nagraadse*) opleiding uitgawes aan te gaan. Van verlede jaar se 12 237 studente – die meeste wat US nog gehad het – het 27,3 persent *nagraads* gestudeer, d.w.s. op die hoogste vlak van die onderwysstelsel. Nog belangriker is dat 42,4 persent van die rekordgetal van 3 190 grade en diplomas wat in 1983 toegeken is, op *nagraadse* vlak was.

Hierdie prestasies beklemtoon die Universiteit se strewe om 'n betekenisvolle bydrae tot die land se behoefte aan hoëvlak-opleides te lewer, en om so te voldoen aan die verwagtings van sy talle ondersteuners wat 1983 se rekordbedrag vir Stellenbosch 2000 moontlik gemaak het. □

Fokus op . . .



Dene Smuts.

Die nuwe redakteurs van twee toonaangewende vrouetydskrifte is Oud-Maties. I. L. (Izak) de Villiers het die leisels by *Sarie* oorgeneem en Dene Smuts is van Januarie af in die redakteurstoel by *Fair Lady*.


Mej. Smuts se joernalistieke talente is twee keer met Stellenbosch-Boerewynmakery-toekennings bekroon, terwyl mnr De Villiers in 1980 die Credo-prys

vir Christelike lektuur verower het. Albei het op Stellenbosch in die letterkunde gestudeer: Hy het 'n meestersgraad in Afrikaans en sy 'n honneursgraad in Engels.

Izak de Villiers het in die Paarl grootgeword. Op Stellenbosch het hy al sy kwalifikasies *cum laude* verwerf. Daarna was hy predikant op Albertinia en Bonnievale en vir die afgelope tien jaar in Constantia. Hy het 21 boeke – insluitende drie digbundels en vier kinderboeke – geskryf en is ook een van die drie hoofberymers van die Nuwe Afrikaanse Gesange.

Sy vrou Rina, 'n maatskaplike werker, is ook 'n Oud-Matie. Sy was 'n nooi Visser. Hulle het twee seuns, wat albei Maties is.

Dene Smuts was in 1971 ondervoorsitter van die Studenteraad – die hoogste pos wat 'n vrou nog op die Maties se SR beklee het. Sy het grootgeword in Bloemfontein, waar haar pa, regter Frank Smuts, lank voorsitter van die Oud-Matie-skakelkomitee was. Ook haar ma, mev. Mudie Smuts, en suster, Hélène, is



I. L. (Izak) de Villiers.

Oud-Maties.

Nadat Dene afgestudeer het, het sy by *Die Burger* gewerk maar later in Europa gaan woon, onder meer om aan 'n universiteit in Frankryk haar Frans op te knap. Sy is toe 'n pos aangebied in die Londense kantoor van Nasionale Pers – wat *Sarie* en *Fair Lady* uitgee – en ná haar terugkeer na Suid-Afrika is sy later in *Fair Lady* se hoofredaksie aangestel. □

'N KWARTEEU GELEDE

– Uit die April 1959-uitgawe van Matieland

Die snelle uitbreiding van die Universiteit is opvallend te sien in die verskeidenheid van geboue wat tegelykertyd op die universiteitsterreine in aanbou is.

Die derde verdieping van die Huishoudkundegebou is voltooi en kort na die aanvang van die nuwe akademiese jaar in gebruik geneem. Die addisionele geriewe en ruimte sal in hoë mate daartoe bydra om die doeltreffendheid van die doseerwerk in Huishoudkunde te verhoog.

Die nuwe dameskoshuis vir eerstejaars, Minerva, is ook voltooi en bied huisvesting aan 230 studente. Hierdie pragtige gebou is een van die sierlikste koshuisgeboue op Stellenbosch. Die Universiteit het nou 15 koshuise (6 vir mans en 9 vir dames) wat direk onder sy beheer staan. Hierdie koshuise bied huisvesting aan 2,284 studente (999 dames en 1,285 mans).

Die nuwe gebou vir Sielkunde, Wiskunde en Afrikaans-Nederlands wat net agter die gebou vir Sosiale Wetenskappe geleë is, sal, volgens besluit van die Universiteitsraad, die Van der Sterrgebou heet. Dit geskied in erkenning en waardering van 'n groot skenking van twee weldoeners van die Universiteit, dr en mev A. M. A. van der Sterr. Dr van der Sterr was in lewe Direkteur van Driehoeksmeting in Kaapstad. Die gebou sal waarskynlik aan die begin van die tweede semester ingewy word. □



Kerkhistorici

Teoloë van oor die hele land het vroeër vanjaar die Kerkhistoriese Werkgemeenskap se jaarvergadering op Stellenbosch bygewoon. Onder die aanwesiges was prof Eddie Brown, hoof van die Departement Ekklesiologie aan die Kweekskool op Stellenbosch, prof Bouke Spoelstra van die teologiese skool op Hammanskraal, prof Gert van der Linde van die teologiese skool op Potchefstroom, en dr Pieter Coertzen, senior lektor by die Departement Ekklesiologie aan die US.



BRIEWE

In die vyftigerjare was daar al 'n vliegklub.

J. M. van Heerden, Valhalla, Pretoria:

Erstens baie dankie vir 'n puik Matieland. Dit is vir my as oud-student telkens 'n vreugde om weer eens van my Alma Mater se nuus te verneem.

Laat my egter toe om kommentaar te lewer op die artikel *Hoog bo die berge* (Matieland 2:83), oor die Universiteit se Vliegklub, wat volgens die artikel tien jaar oud is. Ek moet dit ongelukkig betwis.

Reeds in 1957 het ek as 'n lid van die Stellenbosch Universiteit Vliegklub aan die eerste luginterversity tussen US en UK deelgeneem en op daardie dag het ons span die Thorneskild en Oakes-interversitybeker gewen. Die lede van die span was M. Jackson en T. Smith (albei Huis Marais) asook P. van Wyk en J. M. van Heerden (albei Huis Visser).

Die Interversity het nog plaasgevind op die destydse Eersteriviervlieveld, tans die tuiste van die SAKK-Skool. Vliegtuie is gehuur van die plaaslike vliegklub en 'n Piper Club en Tiger Moth is gebruik.

Wat sedertdien met die vliegklub gebeur het en of daar verdere luginterversities plaasgevind het weet ek nie, maar ek weet die vliegklub het reeds in 1957 bestaan.

Johan Swart, ondervoorsitter, US Vliegklub, antwoord:

Volgens die ou notules is 'n US Vliegklub reeds op 4 Junie 1956 gestig. Die eerste komitee het bestaan uit mnre Theo Joubert (voorsitter), Maurice Jackson (onder-voorsitter), Heliús Wolf-aardt (tesourier) en Hennie Brink (sekretaris) asook Christiaan Visser en Peter Richards as addisionele lede.

Op hierdie eerste vergadering is mnr Jackson as vlieginstrukteur aangestel. Op dié vergadering is ook 'n mosie ingedien vir die aankoop van 'n eie vliegtuig

(iets waarin die huidige vliegklub eers 22 jaar later geslaag het). Die vliegtuie waarin die klub in daardie stadium belanggestel het, was 'n Piper Super Cruiser, Aeronca of 'n Tiger Moth.

Ongelukkig weet ons nie wat van die Thorneskild en Oakes Interversitybeker geword het nie. Daar word nog op 'n jaarlikse basis vlieginterversities gehou, veral tussen die Ikeys en die Witsies. Die US Vliegklub het in die afgelope jare aan twee van die interversities deelgeneem.

Die "ou" vliegklub het in 1965 tot stilstand gekom – dit is wat die notules aanbetref. Tussen 1965 tot 1973 bestaan daar, sover ons weet, geen rekords nie. Dus neem ek aan dat die "ou" vliegklub in 1965 opgehou bestaan het. Op 3 Oktober 1973 is die stigtingsvergadering gehou wat op die huidige Vliegklub uitgeloop het.

Dié landbougroep het uitstekend gepresteer.

Prof F. R. Tomlinson, Swellendam:

Ons klomp wat in 1926 die landbougraad aangedurf het, was seker een van die grootste eerstejaarklasse in landbou – ons was oor die 100. Dalk hou ons nog die rekord.

As ek reg onthou, het sowat 65 van ons in 1929 gegradueer. Heelwat van hierdie 1929-graduandi het hulle in die landbou-sektor goed onderskei. Ek noem 'n klompie tesame met die vlak wat hulle bereik het: P. W. Vorster, Sekretaris van Landbou; S. J. du Plessis, Hoofdirekteur Landbounavorsing en later beleidsadviseur van die Ministrie van Landbou; E. Adler, Direkteur van Landbou, Natalstreek; F. A. Dealse, Direkteur van Landbou, Hoëveldstreek; I. S. Perold, Direkteur van Landbou, Transvaalstreek; H. P. D. van Wyk, Direkteur van Landbou, Hoëveldstreek; A. J. van der Merwe, Direkteur van Tuinbou; P. S. Toerien, Direkteur van Landbou in die destydse Departement van Bantoesake.

Ek noem ook C. R. Liebenberg, Dekaan, Fakulteit Landbou, US. Ook in

die landbou-onderwys het 'n hele paar van hierdie klas diep spore getrap, soos onder andere A. D. Collins, S. Brand, D. C. Swart en L. Toerien.

My verskoning aan baie ander wat ek by gebrek aan kennis uitgelaat het soos A. H. Engelbrecht, latere boer en die pa van Springbok Jannie; T. Glyn Morris, op een tydstip burgemeester van Johannesburg, en E. Rood van voorligtingfaam.

Dalk kan van die klasmaats hierdie uiteensetting aanvul. 'n Hele paar het ook die mediese beroep betree.

'n Macdonald-huiser dink terug aan 1918.

Dr S. J. G. Hofmeyr, Arcadia, Pretoria:

Baie dankie vir Matieland. Ek het die laaste uitgawe (2:83) baie geniet, veral die artikel oor die ontstaan en veredeling van korog uit die kruising van koring en rog.

Net soos dr Viljoen voel ek ook trots en dankbaar oor die prestasie van ons Alma Mater se studente. Ek gaan nou nie probeer om sy "brag" te oortref nie, maar net 'n bietjie geskiedenis van die vroeë dae vertel.

Toe die Victoria-kollege die verhoogde status van Universiteit van Stellenbosch aan die begin van 1918 verkry het, was ek een van die eerste studente van die nuwe Departement van Landbou. Ons was omtrent 20 studente wat vir die B.Sc.-Agric.-kursus ingeskryf het, onder andere die beroemde wyle Johan Buhr, wat as voorsitter van die studenteraad in sy verwelkoming van die Prins van Wallis, Eduard, in 1925 die Prins die advies gegee het dat as hy in Suid-Afrika beroemd wil word hy eers deur die tronk moet gaan!

Van al die studente wat vir die eerste jaar ingeskryf het, het net vyf van ons die graad B.Sc.-Agric. aan die einde van 1926 behaal, onder andere Jan van der Merwe, later LV vir Kroonstad, Du Plessis, Becker en ek. Ná die gradeplegtigheid het dr. Perold ons by sy huis op

'n dinee onthaal en daar het hy vir ons gedemonstreer hoe om wyn met smaak te drink! Ná my B.Sc.-Agric. het ek aangegaan om vir M.Sc.-Agric. te studeer. Aan die einde van 1922 het ek die graad *cum laude* behaal. Ek was die eerste landboustudent wat die M.Sc.-Agric.-graad behaal het.

Ons was vyf in ons familie, een dogter en vier seuns, waarvan ek die oudste was. Drie van die seuns en die dogter is Oud-Maties. Die een seun het veaartseny gestudeer en daarom is hy na Pretoria, anders was hy ook op Stellenbosch. Die suster het 'n onderwysdiploma behaal terwyl die vier broers almal doktorsgrade behaal het, aan die universiteite van Stellenbosch en Pretoria en twee van ons doktorsgrade aan Cornell-universiteit in die VSA. Drie van ons was dekane van die universiteit

van Pretoria en Bloemfontein. Ek was hoof van landbou-onderwys van Kaapland.

Hoewel ons in die Pietersburg-distrik gebore is en daar grootgeword het, het ons verkies om na Stellenbosch te gaan. Gedurende my vyf jaar aan die Universiteit van Stellenbosch het ek gestudeer onder dr. Van der Merwe, Perold, Brain, Van der Byl, Marais, Nel, Van der Riet, Grosskopf; adv. Fagan; mej. Gardener; proff. Neethling, Duthie, Malherbe, Schröder, Langenhorst en lektor Kupferburger.

Met die opening van die universiteit in 1918 was ek een van die eerste studente in Macdonald-huis. Later het my broer my gevolg en ná 'n jaar en 'n half is ons na Dagbreek waar ons onder die eerste

studente was om in die woonstelle intrek te neem saam met dr. H. F. Verwoerd en ander Maties wat in die latere lewe veel roem verwerf het.

Die gebou was toe nog glad nie klaar nie en ons het ingetrek in die deel wat aan Victoriastraat front. Die woonstelle was heerlik gerieflik, maar ons moes self vir ons etes sorg. My broer en ek het vir ons oggend- en aandetes gesorg maar in die middag gaan uiteet. Daar was twee geswore vriende wat nooit gesorg het vir aandete nie en dan kos *geleen* het by wie hulle kon kry, maar nooit weer iets teruggee het nie! Sels jou bord of skotteltjie moes jy by hulle gaan haal! Die twee was Pappie du Toit en Tivoli van Huysteen, wat later skoolhoofde op Cradock en Parys geword het. □

'Met sulke jong mense wag 'n mooi toekoms'

Daar moet nie van die Universiteit verwag word om "ons eiesoortige Stellenbosse waardesistiem" oorboord te gooi en afwykings daarvan goed te keur nie, het die Rektor en Vise-Kanselier, prof. Mike de Vries, met die amptelike opening van die akademiese jaar vroeg in Februarie gesê.

Die Universiteitsowerheid glo steeds in "'n gedissiplineerde kampussamelewing – nie 'n dwangbuis-dissipline wat inisiatief en oorspronklikheid onderdruk nie, maar wat bevorderlik is vir die akademie en die werk wat dit vereis."

Nog 'n voorbeeld van die Stellenbosse waardesistiem is dat die Universiteit uit respek vir 'n groot deel van die kampusbevolking en die gemeenskap wat deur US bedien word, nie aan Sondagsport deelneem nie. Nederige erkentlikheid teenoor die Skepper vervul in dié waarderaamwerk 'n oorheersende rol. 'n Verantwoordelike leefwyse en die kweek van goeie verhoudinge is ook daarby ingesluit.

Vir die Universiteit is "die Suid-Afrika van vandag en môre 'n realiteit en die eietydse eise 'n hoë prioriteit. Voorsiening in die mannekragbehoefes van ons land, met inagneming van ons bevolkingsamestelling, is 'n noodsaaklikheid om die toekoms te dien."



Hoewel Stellenbosch op 'n veel wyer vlak diens lewer as wat in sy stigtingsjare beoog is en altyd bereid sal wees om te dien, kan dit ook nie allesomvattend wees nie, het prof. De Vries gesê. "Dit is noodsaaklik om dié gebiede waar ons sterk en toonaangewend is, só te hou en dit nie deur onnodige diversifikasie en versnippering van die middele tot ons beskikking te verswak nie."

Al sou US nie dramaties groei nie, sal hy nog altyd sy historiese rol uitbu.

"Met al die middele tot ons beskikking sal ons steeds na voortreflikheid strew."

Prof. De Vries het gesê gehalte is op die lange duur belangriker as 'n getalle-ontploffing. Daar word gestreef na groei in gehalte – op nagraadse gebied – wat in die afgelope jare reeds 'n werklikheid begin word het.

Die pad van vooruitgang, waar die teg-

nologie nuwe moontlikhede oopstel en die mens in sy ontwikkeling sosiaal, kultureel en op verhoudingsgebied nie mag agterbly nie, stel hoë vereistes. Hier is die Universiteit gelukkig omdat hy deur die Stellenbosch 2000-fonds in staat gestel word om vanjaar reeds R180 000 vir nagraadse beurse beskikbaar te hê, en nog R180 000 vir nagraad-

se beurse uit ander beursfondse. Vir vernuwingsaksies is R416 000 uit 'n spesiale bydrae van die Universiteitsraad, asook uit die Stellenbosch 2000-fonds se opbrengs, beskikbaar.

Een van Stellenbosch se belangrikste bates bly sy jong mense, het prof. De Vries gesê. Deur die eeue, sedert die

tyd van die Griekse filosowe, is jong mense as dekadent, voortvarend, ongevoelig en sonder respek vir waardes en vir die ouer geslag bestempel. "My ervaring met ons eietydse studente is egter gelukkig. Op die gehalte van die jong mense wat Stellenbosch toe kom, kan ons 'n mooi toekoms bou."

□

EERSTE MINISTER WORD KANSELIER

Die Eerste Minister, dr. P. W. Botha, 'n ere-gegradueerde van die Universiteit, is deur die Konvokasie onbestrede as tiende Kanselier verkies in die plek van prof. H. B. Thom wat in November verlede jaar oorlede is.

In Maart 1976 het die Universiteit die graad D.Mil. *honoris causa* aan dr. Botha toegeken vir wat hy vir Suid-Afrika as Minister van Verdediging beteken het. Dit was die eerste doktorsgraad in die



Krygskunde wat 'n Suid-Afrikaanse universiteit verleen het en is steeds die enigste eredoktorsgraad wat in dié vakgebied in die land toegeken is.

UOVS het in 1981 'n eredoktorsgraad in die filosofie aan hom toegeken. Hy is ook vereer met die Dekorasie vir Voortreflike Diens, die Ster van Suid-Afrika en verskeie buitelandse dekorasies.

Hy is die derde Eerste Minister wat Kanselier van die Universiteit geword


het. Die ander twee was drr. D. F. Malan (1941-1959) en B. J. Vorster (1968-1982). Dr Malan se kanselierstermyn was die langste tot dusver en dr. Vorster s'n die tweede langste. Onder die ander vorige kanseliers was drr. T. E. Dönges en J. D. Kestell.

Dr. Botha se vrou asook drie van hulle kinders en twee skoonseuns het op Stellenbosch gestudeer. Mev. Elize Botha het BA in die vroeë veertigerjare verwerf en gedurende haar studentejare ook gevorderde musiekopleiding aan die

Konservatorium ontvang. Die oudste kind, mev. Elanza Maritz, en haar man, 'n dokter, is albei Oud-Maties. Nog 'n dogter, mev. Amelia Paschke, se man, Uwe, is 'n oud-Matie-ingenieur, wat ook honneurs- en M-grade aan die US-Bestuurskool verwerf het.

Ook dr. en mev. Botha se oudste seun, mnr. Pieter Botha, 'n sakeman van Randburg, en die jongste dogter, mej. Rozanne Botha van Kaapstad, het op Stellenbosch gestudeer.

□



In Maart 1976 het die destydse Kanselier, dr. B. J. Vorster, die graad D.Mil. *honoris causa* aan dr. Botha toegeken. Dit is die enigste eregraad in die krygskunde wat tot dusver in Suid-Afrika verleen is.

KONVOKASIE KIES 3 NUWE RAADSLEDE

Die Konvokasie het prof Piet Cillié en drr Theo Pauw en Louis Rive as lede van die Universiteitsraad verkies. Nog 'n nuwe raadslid is prof Hennie Rossouw, wat deur die Senaat benoem is.

Sewe ander raadslede is vir 'n verdere termyn verkies of benoem. Hulle is mnr. Jan de Necker en Dan Benade, wat deur die Universiteit se donateurs onbestrede herkies is, dr. Jan van der Horst (voorsitter van die Raad) en ds Jan Hanekom, wat deur die Staatspresident herbenoem is, mnr. D. D. Joubert, wat deur die Stellenbosse Afdelingsraad herbenoem is, en proff. Andries Nel en Andreas van Wyk, wat deur die US-Senaat herbenoem is.

Prof Cillié en drr Pauw en Rive is verkies in die plek van oud-minister Fanie Botha, minister Chris Heunis en mnr

Frans Conradie, wat nie weer herkiesbaar was nie.

Prof Cillié is die voorsitter van Nasionale Pers. Nadat hy in 1976 as redakteur van Die Burger afgetree het, was hy die stigter en eerste hoof van US se nagraadse Departement Joernalistiek. Sy vader, prof G. G. Cillié sr., was die eerste rektor op Stellenbosch nadat dié amp in 1919 ingestel is en die huidige voorsitter van die Konvokasie, prof G. G. Cillié jr., is prof Cillié se ouer broer. In 1975 het die Universiteit as sy bydrae tot die Taaljaar eredoktorsgrade toegeken aan vier mense, waarvan prof Piet Cillié een is.

Dr Pauw, afgetrede hoof van die Pionierskool op Worcester, het in 1979 'n eredoktorsgraad van US ontvang. In Desember verlede jaar het die Universiteit dr Louis Rive, voormalige

direkteur-generaal van Pos- en Telkomunikasiewese, met 'n ere-doktorsgraad vereer.

Prof Rossouw het gestudeer aan US en die Vrije Universiteit in Amsterdam, waar hy 'n doktorsgraad verwerf het. Hy is sedert 1963 dosent in die filosofie op Stellenbosch en het in 1972 professor geword.

Die ander nege van die Raad se 20 lede is proff Mike de Vries, Rektor en Vise-Kanselier, en Roux de Villiers, Vise-Rektor; dr Danie Craven en mnr Ritzeema de la Bat en Jan Pickard, wat deur die Konvokasie verkies is; mnr Pepler Scholtz, wat deur die donateurs verkies is; dr Cornelius Human en mnr Marius de Waal, wat deur die Staatspresident benoem is; en mnr Charles Marais, wat deur die Stellenbosse munisipaliteit benoem is.




HORWOOD, RIVE EN SCHUMANN WORD VEREER

DR OWEN HORWOOD het in die Paarl gematrikuleer, aan UK gestudeer en was daarna mede-professor aan UK, hoof van die departement ekonomie aan die destydse Universiteitskollege van Rhodesië en Njassaland, hoof van die departement ekonomie, Universiteit van Natal, en gedurende 1965-1970 prinsipaal en vise-kanselier van die Natalse Universiteit.

Hy word in 1970 politikus en behartig vanaf 1972 die kabinetsportefuljes Indiërsake en Toerisme asook Ekonomiese Sake, en sedert 1975 Finansies. In dié jaar was SA se hulpbronne onder kwaai stremming, onder meer vanweë oorbesteding en die dalende goudprys, waarby owerheidsbesteding nie dadelik aangepas is nie. Die rand is met 17,9 persent gedevalueer en die land se kredietwaardigheid het onder verdenking gekom.

Onder sy leiding het die owerheidsfilosofie oor die staatssektor se deelname verander – wat ook na ander terreine



Prof Mike de Vries, Rektor en Vise-Kanselier, ken 'n eredoktoraat in die handelswetenskappe aan dr Owen Horwood toe.

deurgewerk het en tot veranderinge in die wisselkoers- en arbeidsbeleid gelei het. Binnelands het vertroue geleidelik herstel en uit die buiteland het lenings oor 'n langer termyn teen aantrekliker koerse beskikbaar geword.

Vir sy waardevolle werk as finansminister en sy bydrae tot Suid-Afrika se finanswese het hy onder meer eregrade van RAU en UPE gekry, asook 'n gesamentlike eregraad van die Israel Torah-navorsingsinstituut en die Adelphi-universiteit. In 1980 ontvang hy die Dekorasie vir Voortreflike Diens. " 'n Finansiële staatsman van wêreldformaat," word hy genoem in die sitaat waarvolgens US 'n eredoktorsgraad in

burokrasie het 'n deeglik gerasionaliseerde bedryf geword.

Ook merkwaardig is dr Rive se latere rol as voorsitter van die Soweto-beplanningsraad, waardeur sy naam met 'n beter lewensgehalte vir die mense van Soweto en ander Randse, swart woongebiede sinoniem geword het. In Oos-Kaapland het hy gesorg vir 'n verslag hieroor wat deur die Regering aanvaar is. Die Durban-Pinetown-gebied geniet nou sy aandag.

Kenmerkend van dié dinamiese maar beskeie mens se lewensinstelling is dat hy nie vir sy dienste vergoeding vra nie. Verder behou hy sy vryheid van


oordeel, wat hy noem " 'n faktor in my geloofwaardigheid by die mens wat daarby betrokke is."

In 1965 was sy die Wêreldbond van Plattelandse Vroue se streeksondervoorsitter. In Suider-Afrika het sy verskillende lande besoek om hul spesifieke behoeftes te bepaal en die geaffilieerde verenigings se samewerking te bewerkstellig. In 1959 en 1962 was sy Suid-Afrika se afgevaardigde na die bond se driejaarlikse kongresse, wat sy daarna tot 1977 elke keer bygewoon het.

Sedert 1958 is sy volskaals betrokke by sake wat die Kleurlingvrou raak. Die SA Unie vir Huisvroueklubs wat in 1961 deur haar toedoen gestig is, bevoor-



Dr. Rive ontvang sy eredoktorsgraad van prof. De Vries.



Die graad D.Phil. *honoris causa* word aan dr Wynnie Schumann toegeken.

die handelwetenskappe aan hom toegeken het.

DR. LOUIS RIVE, wat ná st 8 die skool verlaat en deur private studie matriek geslaag het, is ongetwyfeld een van die doeltreffendste administrateurs wat Suid-Afrika nog gehad het. Sakevernuf en uitstekende finansiële beplanning kenmerk sy administratiewe vermoëns.

Met hom as posmeester-generaal het die Poswese 'n gesofistikeerde diens geword: Telekommunikasiestelsels is gemoderniseer, die Poswese het die reg verkry om vir sy eie binne- en buitelandse leningskapitaal te onderhandel, intensiewe personeelopleiding is aangepak om met tegnologiese ontwikkeling en modernisering tred te hou. 'n Logge

van oordeel, wat hy noem " 'n faktor in my gehoorwaardigheid by die mens wat daarby betrokke is."

Hy beskik nie net oor buitengewone administratiewe en koördinerende vermoëns nie, maar stel dit veral aan die land en al sy mense beskikbaar.

In 1982 het Wits 'n eredoktorsgraad aan dr Rive toegeken.

DR. WYNNIE SCHUMANN het op George gematrikuleer, haar op Grahamstad as onderwyseres bekwaam en daarna op Stellenbosch BA verwerf.

Sedert 1930 dien sy die Kaaplandse Vroue-Landbouvereniging in verskeie hoedanighede, onder meer as provinsiale presidente (1955-1964) en tans as erepresidente. Een van die vereniging se

der tuisnywerhede, naaldwerk, gesinsbeplanning en gesondheid. Daar is nou landwyd meer as 100 sulke klubs. In 1971 is sy gevra om die Regering oor die Kleurlingvrou se behoeftes te adviseer en word sy voorsitter van die Komitee vir Vroue- en Jeugwerk.

Wyle prof. C. G. W. Schumann, stigter van US se Buro vir Ekonomiese Onderzoek, met wie sy in 1930 getroud is, het in 1965 'n eredoktoraat van US ontvang. Hulle is die eerste egpaar wat albei eredoktorsgrade van die Universiteit gekry het.

Bewyse van die nasionale en internasionale aansien wat sy geniet, is die toekenning van Italië se Adelaide Ristori-diploma en -medalje in 1978 en 'n jaar later Suid-Afrika se Dekorasie vir Voortreflike Diens. □

48 VERWERF DOKTORSGRADE

'n Vrystaatse boer en Springok-hengelaar het in Desember 'n doktorsgraad in die geografie op Stellenbosch verwerf, tien jaar nadat hy op 44-jarige ouderdom sy plase verhuur en in die Eikestad gaan woon het om vir die eerste keer met universiteitstudie te begin. Hy is dr. Boet Odendaal (54), een van 'n rekordgetal van 48 mense wat in Desember en Maart by die Universiteit doktorsgrade verwerf het. Drie van sy kinders was in dié tyd saam met hul pa Maties.

Ook in Desember het kmdt. Piet Engelbrecht (37), dosent aan die Militêre Akademie op Saldanha, met 'n proefskrif oor *Doktrines van landmynoorlogvoering* die eerste doktorsgraad in die krygskunde in Suid-Afrika verwerf. (US het in 1976 'n eredoktorsgraad in die krygskunde aan die Eerste Minister en nuwe Kanselier van die Universiteit, dr. P. W. Botha, destyds Minister van Verdediging, toegeken).

Op die Maart-plegtigheid het dr. S. Leuenberger, 'n predikant, die eerste Switser geword wat 'n doktorsgraad in die teologie aan 'n SA universiteit behaal het.

Onder die nuwe doktore is ook twee Amerikaners, prof Vernon Singleton van Kalifornië, 'n bekende wynkundige

en skrywer van 'n boek wat in Brittanje bekroon is, en dr Richard Manville, 'n 69-jarige sakeman van New York. Dit was prof. Singleton se tweede doktorsgraad.

Dr. Daniël Louw van die Stellenbosse Kweekskool het ook sy tweede doktorsgraad verwerf. Twee hoogleraars, proff T. J. Bembridge, dosent in landbouvoorligting en landelike ontwikkeling by Fort Hare, en A. R. Coetzee van die Departement Anesthesiologie in US se Fakulteit van Geneeskunde, het in Maart doktorsgrade verwerf. In Maart het prof A. N. Oelofse (30), mede-professor in handelsreg by Unisa, LL.D. behaal.

Ses vroue is onder die nuwe doktore. Hulle is dr Ruth Peters, 'n US-dosent in die kindertandheelkunde, dr Margaret Fox van die Universiteit se Departement Sitogenetika (Fakulteit van Geneeskunde), dr. Evelien Beyers, senior lektrese in seilkunde by Unisa, dr S. Borgin, 'n Oud-Matie wat in Oslo, Noorweë, grootgeword het en by die WNNR op Stellenbosch werk, dr S. M. Conradie, senior tegniese beampste van die Departement Didaktiek aan US, en dr M. O. Simpson, mediese fisikus by die Grootte Schuur-hospitaal.

Dr. A. A. Cooper (63), 'n Brits-gebore

Suid-Afrikaner wat in 1974 op 54-jarige ouderdom aan UK vir die eerste keer met universiteitsopleiding begin het, het met 'n proefskrif oor *Vrymesselary* in Suid-Afrika 'n doktorsgraad verwerf. Nog 'n senior burger wat doktor geword het, is dr. W. H. P. A. Tyrrell-Glynn, afgetrede assistent-biblioteekaris van die SA Biblioteek in Kaapstad.

Meer as 3 000 grade en diplomas is op die vier plegtighede toegeken.

• Na aanleiding van die feit dat die Maart-plegtigheid dikwels as die aanvullende gradeplegtigheid bekend staan, het prof Mike de Vries, Rektor en Vise-Kanselier, by dié plegtigheid vanjaar gesê "die rede vir hierdie betiteling sal eersdaags verdwyn, aangesien die Universiteit reeds in beginsel besluit het om 'n stelsel van herevaluering in direkte aansluiting by elke eksamengeleentheid met ingang 1985 in al die fakulteite in te stel." □

Die Kanseliersmedalje is verlede jaar vir die eerste keer in die 27-jarige bestaan van die Fakulteit van Geneeskunde aan 'n student van dié fakulteit toegeken. Hy is dr Wim de Villiers, wat die graad MB.Ch.B. *cum laude* verwerf het en in sy ses studiejaar 'n gemiddelde van 83 persent gehandhaaf het. □



In Desember is doktorsgrade in die natuurwetenskappe, landbouwetenskappe, ingenieurswese, geneeskunde en tandheelkunde toegeken aan (agter) dr R. I. Stewart, Ph.D. (Med.), G. S. Maritz, Ph.D. (Fisiologie), G. J. J. Joubert, Ph.D. (Fisika), P. G. Marais, Ph.D. (Plantpatologie), G. Holz, Ph.D. (Plantpatologie), I. J. Law, Ph.D. (Mikrobiologie). VOOR: Drr A. B. van Jaarsveld, Ph.D. (Plantpatologie), M. F. Fox, Ph.D. (Geneeskundige Wetenskappe, Sitogenetika), M. W. Coetzer, Ph.D. (Ing) (Elektroniese Ingenieurswese), R. Peters, Ph.D. (Odont.) (Herstellende Tandheelkunde), en A. H. Leuschner, Ph.d. (Fisika).



Op die eerste van drie gradeplegtighede in Desember is doktorsgrade in die opvoedkunde, teologie en handel en administrasie toegeken aan (agter) dr D. J. Louw, D.Th. (Diakonologie), G. L. Buys D.Th. (Sendingwetenskap), C. W. Burger, D.Th. (Diakonologie), E. J. Spamer, Ph.D. (Ligg. Opv.), T. Park, D.Ed. (Didaktiek). VOOR: Drr F. J. Mostert, D.Comm. (Bedryfsekonomie), C. A. Kapp, D.Ed. (Didaktiek), R. Manville, DBA en W. D. van der Walt, D. Rekeningkunde.



Doktorsgrade in die lettere en wysbegeerte, regsgeleerdheid en krygskunde is toegeken aan (agter): A. N. Oelofse, LL.D. (Regsgeleerdheid), A. A. van Niekerk, D. Phil. (Filosofie), P. J. L. Engelbrecht, D.Mil. (Wiskunde, Mil.), P. H. van Rooyen, D.Phil. (Ontwikkelingsadministrasie), J. P. le G. Odendaal, D. Phil. (Geografie A), P. van der P. du Toit, D. Phil. (Staatsleer), J. M. V. van Zyl, D. Phil. (Sielkunde), H. S. Houghton-Hawksley, D. Phil., (Biblioteekkunde). VOOR: Drr A. J. de Kock, D. Phil. (Gesiedenis), A. A. Cooper, D. Phil. (Gesiedenis), E. Beyers, D.Phil. (Sielkunde), F. J. Strydom, D.Phil. (Musiek) en W. H. P. A. Tyrell-Glynn, D.Phil., Biblioteekkunde).



Die elf mans en drie vroue aan wie op die Maart-plegtigheid doktorsgrade toegeken is. Agter: dr. G. J. Louber (chemie), P. J. Rabie (volkekunde), M. L. Frost (politieke filosofie), H. D. Longland (geskiedenis), P. R. Nel (filosofie), prof. T. J. Bembridge (landbou-ekonomie), J. A. M. van Schouwenburg (obstetrie en ginekologie) en M. W. Heyns (Engels). Voor: dr. A. R. Coetzee (geneeskunde), M. O. Simpson (fisika), S. Borgin (Frans), S. M. Conradie (didaktiek), S. Leuenberger (Ekklesiologie) en V. Taylor (geografie).

JAARVERGADERING VAN DIE KONVOKASIE

**Gehou in die H. B. Thom-teater op
29 November 1983**

Aanwesig: mnre H. P. M. Agenbach, D. M. Benade, prof W. S. Barnard, mnr D. S. Basson, mev F. E. Basson, K. E. Byeleveld, mnr E. A. Blommaert, mev L. Blommaert, mnr W. J. C. Boonzaier, prof B. Booysens, mev S. Booysens, A. Booysen, dr P. J. Bosman, mev W. Bosman, prof. A. G. Botha, mnr C. S. Botha, prof A. J. Brink, mev S. A. Burger, mnr W. P. Burger, prof G. G. Cillié, mev H. C. Cillié, mev M. S. B. Cillié, mev J. M. Claassen, dr P. E. Claassen, mnr S. J. H. Claassens, mev G. E. Cluver, prof P. F. Cluver, mnr J. P. Coetzee, mev D. Conradie, ds F. J. Conradie, mnr P. J. Conradie, prof P. J. Conradie, mnre R. P. Conradie (Sekretaris), P. J. Cornelissen, proff D. H. Craven, J. J. Cruywagen, mnre J. A. de Clerk, A. M. de Jager, W. A. de Jongh, J. J. de Kock, mev J. S. de la Bat, mnr R. S. de la Bat, mev L. de Swardt, proff J. W. R. de Villiers, P. C. de Villiers, brig P. J. G. de Vos, mev S. W. de Vos, prof M. J. de Vries, mev R. de Vries, C. H. de Waal, proff P. J. de Wet, J. L. de Wit, mnr A. Draaijer, mev F. Dreyer, prof S. J. du Plessis, mnr D. du Preez, proff C. A. du Toit, D. L. Ehlers, mnr A. J. Esterhuysen, mev H. E. Ferreira, mnr I. F. Ferreira, ds B. P. Fourie, dr P. du T. Fourie, mnre W. Fox, D. P. Goldie, mev J. J. Grobelaar, ds P. de V. Grobblear, proff T. N. Hanekom, G. L. F. Hartwig, mev J. M. Hartwig, C. Hattingh, dr D. J. Hattingh, mnr D. C. Haupt-

fleisch, mev M. M. Hauptfleisch, dr J. B. B. Heyns, ds J. A. Hurter, mev H. M. Jordaan, prof P. G. Jordaan, mnre R. B. Justus, D. J. Kotzé, J. J. Kritzinger, A. D. Kruger, J. C. Krynaau, J. I. van A. Krynaau, mev E. M. le Roux, E. N. le Roux, mnre M. S. le Roux, P. J. le Roux, dr W. G. le Roux, mnr P. J. Lombard, mej G. J. Louw, mnre H. I. Louw, J. A. Louw, A. D. Luckhoff, G. D. Malan, G. Malherbe, G. H. Malherbe, mev L. Malherbe, mej J. M. Marx, dr A. J. Meyer, mev A. M. Möller, ds G. S. J. Möller, mnre J. H. Momberg, P. K. Morkel, mev R. Morkel, dr L. M. Muntingh, prof A. Nel, mev B. M. Nel, mnr J. H. Nel, dr C. J. G. Niehaus, mnre G. Nieuwoudt, J. C. L. Oberholster, mev C. M. O'Kennedy, ds J. N. F. O'Kennedy, mev B. E. Olivier, dr J. P. J. Olivier, mnre J. R. Olivier, J. C. Oosthuizen, S. J. P. Oosthuizen, J. J. Oosthuysen, mev H. B. Pauw, prof T. Pauw, mnre G. M. Pellissier, M. Pienaar, prof J. W. Postma, mnr J. E. Potgieter, mev E. C. Pretorius, mnre J. C. Pretorius, J. D. Pretorius, A. W. Retief, dr W. A. Richter, mnr F. S. Robertson, mev L. Roos, mnr W. J. Roos, mev N. L. Roux, mnr H. J. Schwartz, dr B. R. Slabbert, mej M. L. Small, mnr K. P. Smith, prof F. Smuts, mev J. H. Smuts, mnr J. F. Spies, mev C. M. Squier, E. M. Steenkamp, mnr N. S. L. Steenkamp, mev M. de V. Steyn, mnre P. G. Steyn, P. Swart, J. P. Theron, prof B. F. Thiart, mnre L. M. Toerien, H. J. Truter, D. S. Uys, I. M. van Aarde, W. J. van Aarde, J. W. L. van Aswegen, P. van der Gaast, mev G. van der Horst, dr J. G. van der Horst, mnr H. P. van

der Westhuizen, prof W. M. van der Westhuizen, mnr H. T. van Huyssteen, prof H. G. van Niekerk, mev M. M. I. van Niekerk, mnr A. J. van Tonder, mev D. M. J. van Vuuren, dr J. C. J. van Vuuren, prof A. H. van Wyk, mev M. van Wyk, mnr H. B. van Zyl, proff P. A. Verhoef, H. F. Vermaas, H. C. Viljoen, mnre H. S. Visser, J. Visser, proff W. A. Vosloo, H. P. Wasserman, P. B. Zeeman, mev S. Zeeman, mnr H. J. Zietsman.

(Vier en veertig nie-lede/besoekers het ook die presensielys voltooi.)

Konstituering

Die Sekretaris lees die gepubliseerde kennisgewing waardeur die vergadering byeengeroep is, ter konstituering van die vergadering.

Waarnemende Voorsitter

In die lig van die afsterwe van die President en Voorsitter van die Konvokasie, prof H. B. Thom, word prof G. G. Cillié onbestrede verkies tot Voorsitter vir die vergadering.

Gebed

Op versoek van die Voorsitter gaan ds G. S. J. Möller voor met *gebed*.

Mosie van roubeklag: prof H. B. Thom

Die volgende mosie van roubeklag t.o.v. die afsterwe van die President van die Konvokasie, prof H. B. Thom, word staande aanvaar:

Professor H. B. Thom het letterlik 'n lewe – in 'n sekere sin selfs meer as een lewe – aan die diens van die Universiteit van Stellenbosch gewy. Die Universiteit was sy enigste werkgewer tot sy aftrede as Rektor, en daarna dien hy nog sy Alma Mater as President van die Konvokasie en sedert 6 Mei 1983 as Kanselier en hoogste ampsdraer.

'n Mens kan jou nouliks 'n meer volledige universiteitsmens as prof Thom voorstel. Sy verbintenis met hierdie Universiteit dateer terug tot 1924 toe hy as student ingeskryf het. Van 1924 tot 1930 behaal hy die grade BA (*cum laude*), MA (*cum laude*) en D.Phil. in Geskiedenis. In 1931 tree hy in diens van die Universiteit as Lektor in Geskiedenis, word bevorder tot Senior Lektor in 1935 en tot Professor in 1937. In 1953 volg hy professor R. W. Wilcocks op as Rektor en gedurende sy termyn as Rektor tot 1969, beleef die Universiteit ongekende groei.

Professor Thom se belangstelling en dienslewering was egter nie tot die Universiteit van Stellenbosch beperk nie. Hy was jare lank 'n leidende figuur in die Komitee van Universiteitshoofde en ná sy aftrede as Rektor beywer hy hom nog aktief in belang van die hoër onderwys in die RSA as Voorsitter agtereenvolgens van die Nasionale Onderwysraad, die Adviserende Universiteitskomitee en die Adviserende Raad op Universiteite, 'n taak wat hy met onderskeiding vervul tot sy uittrede in Januarie 1982.

Prof Thom was, benewens universiteitsmens, ook by uitstek kultuurmens, volksleier en gesaghebbende skrywer op sy vakgebied. Die talle onderskeidings en toekennings wat hy ontvang het, waaronder die Staatspresident se Dekorasie vir Voortreflike Diens en 'n eredoktorsgraad van sy Alma Mater, getuig van die gehalte van diens wat hy op al die terreine gelewer het.

As President van die Konvokasie het prof Thom hom daarvoor beywer dat geen lid van die Konvokasie onbewus

sal wees van die fundamentele rol en betekenis – en dus ook verantwoordelikheid – van die Konvokasie in die konstitusionele voortgang van die Universiteit nie.

Prof H. B. Thom se bydrae tot die Afrikaanse Kultuur, tot die hoër onderwys in die RSA en tot die groei en ontwikkeling van die Universiteit van Stellenbosch, is onmeetbaar en onuitwisbaar. Die Konvokasie betuig sy opregte en innige meegevoel met mev Maria Thom en bid haar vertroosting en sterkte toe.

Betuiging van Meegevoel

Die vergadering neem kennis van die name van ander Konvokasieledes wat sedert die vorige vergadering oorlede is. Die Voorsitter lees die volgende name as 'n verteenwoordigende lys voor:

Dr B. J. Vorster, voormalige Kanselier van die Universiteit, dr Jan van den Berg, prof N. Sieberhagen, prof E. G. Malherbe, mnr William Morris, prof Philip McLachlan, ds Gerrit Bruwer, prof C. R. Liebenberg, dr Arnold van Wyk, prof J. A. Wiid, mnr Victor Holloway, mej Marguerite Murray, prof P. S. du Toit, mev Suzette Lombard, mev Marie Malherbe, dr Willie Serfontein, prof Suretha Bruwer, mnr Timo Kriel en mnr Piet Roos.

Notule

Die notule van die vorige vergadering van die Konvokasie, 2 Desember 1982, wat in *Matieland* gepubliseer was, word as gelees beskou, in orde bevind en deur die Voorsitter onderteken.

Geleentheidspreker

Prof A. J. Brink, Dekaan van die Fakulteit Geneeskunde, spreek vervolgens die vergadering toe oor "Navorsing op die gebied van die Geneeskunde en die bydrae daartoe van die Fakulteit Geneeskunde", en lig dit toe met tabelle en insiggewende statistiek t.o.v. veral die jongste jare.

Die Voorsitter *bedank* prof Brink by wyse van 'n onbestrede mosie van dank en waardering.

Gelukwensings

Onbestrede voorstelle van *gelukwensing* aan 'n aantal persone met onderskeidings wat hulle te beurt geval het, word deur

die Sekretaris voorgelees en deur die vergadering aanvaar (die Voorsitter wys daarop dat dit bloot as verteenwoordigend van die groot getal onderskeidings gesien moet word):

Mnr Johan Greeff word nuwe Speaker van die Volksraad; mnr O. P. H. Augustyn word bevorder tot navorsingsleier van die wynkundeseksie by die NIWW; dr P. J. Avenant, aangestel as inspekteur van onderwys (onderwysopleiding) in die Departement van Binnelandse Aangeleenthede; mnr Jan Allen, aangestel as direkteur: wolbemarking by die SA Wolraad; mnr L. C. Bekker, aangestel as hoof van die Hoër Tegniese Skool in Newtonpark, Port Elizabeth; mnr A. Bestbier, aangestel as hoof van die Hoërskool Hopetown; dr E. F. Beukman, aangestel as assistent-hoofbestuurder (beplanning) by die KWV; mnr J. H. Booysen, aangestel as bestuurder van voorligting by die KWV; prof Elize Botha, verkies tot lid van die Raad van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns; mnr Tienie Botha, bevorder tot *Die Burger* se hoofredaksie; mnr C. T. Breytenbach, aangestel as kunsredakteur van *Die Burger*; prof A. J. Brink, aangestel as eerste heeltydse voorsitter van die Mediese Navorsingsgraad; mnr P. J. Britz, aangestel as hoofdirekteur (mannekrag) by die SA Vervoerdienste se hoofkantoor; mnr D. L. Coetzee, aangestel as hoof van die Laerskool Parow-Noord; mnr J. M. Crafford, aangestel as hoof van die Hoërskool Bonnievale; mnr J. S. de Jager, aangestel as hoof van die Hoërskool Maitland; mnr A. J. de Swardt, deur Suid-Afrikaanse Atletiek-unie as nasionale afrigter-organiseerder aangestel; dr D. P. de Villiers, aangestel as direkteur van die Volkskas-groep; ds I. L. de Villiers, aangestel as redakteur van *Sarie*; dr J. W. L. de Villiers, verkies tot lid van die Raad van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns; dr C. S. du Plessis, benoem as hoof-wynskeikundige by die wynkundeseksie van die NIWW; mnr P. B. du Toit, aangestel as hoof van die Hoërskool Cillié in Port Elizabeth; mnr G. C. Erasmus, aangestel as hoof van die Departement van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning se streekkantoor in Kaapstad; mnr E. A. Fichardt, aangewys as nuwe burgemeester van Bloemfontein; mnr H. E. Franzen, verkies tot voorsitter van die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie; mnr B. Gouws, aangestel as hoofbestuurder by

Momentum-Lewens; mnr B. J. Groenewald, aangestel as direkteur-generaal van die Suid-Afrikaanse Spoorweë in Johannesburg; mnr J. F. L. Gunter, aangestel as nuwe hoofdirekteur van die Wes-Kaaplandse Administrasieraad, prof A. P. Hendrikse, aangestel as hoogleraar in die Departement van Linguistiek van die Universiteit van Suid-Afrika; mnr H. C. Hugo, aangestel as hoof van Afrikaanse Kuns- en Verskeidenheidsprogramme by TV1; dr C. J. F. Human, vir 'n tweede termyn aangestel as ere-professor in besigheidsbestuur en administrasie by die Bestuurskool en ontvang 'n eredoktorsgraad by die Universiteit van Rhodes; mnr P. W. Hurter, aangestel as kulturele attaché in Brussel, België; mej A. Janse van Vuuren, aangestel as direkteur van die ACVV; prof D. M. Joubert, verkies tot lid van die Raad van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns; mnr G. F. P. Kellerman, aangestel as eerste hoof van die nuwe onderwysersentrum op Worcester; mnr G. J. Kotzé, aangestel as hoof van die Hoërskool Namakwaland; mnr A. Kriel, bevorder tot adjunk-direkteur (voorigting) van die Winterreënstreek; mnr J. T. Kritzinger, verkies tot ondervoorsitter van die SA Onderwysersunie; mnr J. L. Lamont, aangestel as hoofbestuurder (produksie en bemarking) van BKB; mnr C. R. Liebenberg, aangestel as hoof van die Hoërskool Fraserburg, adv D. J. Lombard, aangestel as waarnemende regter van die Hooggeregshof in die Vrystaatse provinsiale afdeling en as waarnemende regter na die Hooggeregshof van Venda gesekondeer; mnr P. K. Louw, aangestel as hoof van die Hoërskool Wolseley; prof N. S. Louw, aangestel as voorsitter van die Mediese Vereniging van Suid-Afrika; mnr J. P. Ludick, aangestel as hoofbestuurder van die SAUK; genl-maj D. R. Marais, aangestel as adjunk-hoof van die Leër; mnr F. S. T. Maritz, aangestel as voorsitter van die Wes-Kaapse Administrasieraad; mnr Piet Momborg, bevorder tot bemarkingsbestuurder (bemarkingsdienste) by die KWV; dr H. Mönnig, aangestel as redakteur van die afdeling ensiklopedieë by Nasou; mnr M. Moolman, bevorder tot sekretaris van die Nasionale Pers; prof H. J. Odendaal, aangestel as hoogleraar en hoof van die Departement Verloskunde en Ginekologie by die Universiteit van Stellenbosch; mnr T. H. Pegel, aangestel as assistent-hoofbestuurder (personeel en kommunikasie) by die KWV; mnr J. J. Prins, bevorder tot


bestuurder (beleggings) by Santamversekering se hoofkantoor; mnr W. L. V. Rautenbach, aangestel as inspekteur van onderwys in die Departement van Binnelandse Aangeleenthede; mnr C. B. Ritter, bevorder tot adjunk-direkteur-generaal in die Kaaplandse Provinsiale Administrasie; prof H. W. Rossouw, verkies tot lid van die Raad van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns; dr A. J. A. Roux, aangewys as lid van die Wêreld-Kultuurraad se Interdisiplinêre Komitee van Ere-presidente; mnr S. Z. Roux, aangestel as Boland Bank se nuwe groepbestuurder van rekenaardienste; prof P. A. J. Ryke, aangewys as 1983 se wenner van die Senior Kaptein Scottgedenkmedalje; mnr D. Saayman, aangestel as hoof van die afdeling wingerdkunde: tafel- en droogdruive by die NIWW; mnr H. A. Slabber, aangestel as groepsbestuurder van regsadministrasie by Boland Bank; dr C. H. Stander, aangestel as groepbestuurder van finansiering by Boland Bank; mnr C. P. Steenkamp, bevorder tot hoofbestuurder van bemarkingsdienste by die Trust Bank; mnr D. W. Steward, aangestel as hoof van beplanning in die Departement van Buitelandse Sake en Inligting; mnr J. J. Swiegers, aangestel as inspekteur van onderwys in die Departement van Binnelandse Aangeleenthede; mnr O. Theron, aangestel as hoof van die Hoërskool Brackenfell; mnr P. J. Theron, aangestel as assistent van die SAUK se direkteur-generaal; mnr N. Treurnicht, aangestel as voorsitter van die Komitee van Gemeenskapsverhoudinge; regter H. J. O. van Heerden, aangestel as appélregter; prof P. D. R. van Heerden, vir 'n tweede termyn aangestel as ere-professor in die Departement van Interne Geneeskunde van Stellenbosch se Fakulteit Geneeskunde; mnr P. H. van Huyssteen, aangestel as hoofbestuurder in die Internasionale Dienste-afdeling van Finansbank; mnr G. W. F. van Rensburg, aangestel as sekretaris van die Mediese Navorsingsraad; prof J. van Staden, aangewys as 1982 se wenner van die Kirstenboschjubileumprys; dr C. van Wyk, verkies tot voorsitter van die Genootskap van Suid-Afrikaanse Verrekeningsbanke; mnr F. J. van Zyl, aangestel as eerste vakadviseur in die Departement van Binnelandse Aangeleenthede; mnr J. L. van Zyl, aangestel as navorsingsleier van die afdeling wingerdkunde: verbouing by die NIWW; mnr L. van Zyl, ontvang die Protea-prys van die Suid-Afrikaanse

Vereniging van Bemarkers; genl-maj F. E. C. van den Berg, aangestel op die staf van die Hoof van die Weermag; dr H. C. van den Berg, aangestel as bemarkingsbestuurder (uitvoer) by die KWV; mnr J. J. van der Vyver, bevorder tot hoofbestuurder by Sanlam; dr A. C. Visser, aangestel as assistent-hoofbestuurder (produksie) van die SA Droëvrugte-Koöperasie; mnr G. Visser, aangestel as hoof van die Hoërskool Strand; mnr A. C. Vlok, aangestel as hoof van die Hoërskool Ysterplaat; mnr J. Vosloo; bevorder tot Eerste Onderwysbeplanner in die hoofkantoor van die Kaaplandse Departement van Onderwys; dr L. P. Vosloo, aangewys as landboukundige van die jaar; dr W. S. Walters, aangestel as adjunk-direkteur van onderwys; hoofregter Pierre Rabie, prof J. C. de Wet en prof Chris Theron, ontvang eregrade van die Universiteit van Stellenbosch; dr Hennie Aucamp is bevorder tot hoof van die Departement Afrikaans in die Fakulteit van Opvoedkunde by US; mnr Johan L. de Klerk, hoof van die departement musiek by WOK, ontvang die Donald Curriestipendium vir verdere studie in musiekwetenskap aan US; prof Johan Heyns ontvang die tweede prys vir die beste teologiese publikasie in Afrikaans en word verkies tot moderator van die N.G. Kerk in Noord-Transvaal; prof Ernst van Heerden ontvang ereburgerskap van Pearston; dr Danie Craven ontvang ereburgerskap van Lindley; ds D. S. Snyman, verkies tot moderator van die Vrystaatse Sinode van die NG Kerk; dr J. G. van der Horst, vir 1984 as ere-professor in besigheidsbestuur en -administrasie aangestel; proff A. Nel, D. E. W. Schumann en H. C. Viljoen is as dekane van hul fakulteite heraan-gestel; prof D. E. W. Schumann, herkies as burgemeester van Stellenbosch; prof W. Pfeifenburger, voorheen hoogleraar in staatsleer in Münster, Wes-Duitsland, is as professor in staatsleer en publieke administrasie by US aangestel; mnr H. J. Grosskopf, aangestel as professor en hoof van die Department Joernalistiek; dr W. Warkotsch van die Universiteit van München, Wes-Duitsland, is as hoogleraar in boskunde by US aangestel; dr M. J. Case, as professor in elektriese en elektroniese ingenieurwese by US aangestel; prof J. H. Cloete, as professor in elektriese en elektroniese ingenieurwese (radarstelsels) by US aangestel; dr C. L. McCarthy, tot professor in ekonomie by US bevorder; dr G. S. Harri-

OPLEIDING EN KENNIS



bepalende faktore in die gehalte van die individu se daaglikse prestasie-lewering. Ons lewer 'n trotse bydrae ter ontwikkeling van ons land se arbeidsmag, en bly steeds verbind tot die verbruiker se strewe na gehalte.



Checkers

die gehaltewinkel waar jy **MEER** spaar!

son, tot professor in chemiese en metalurgiese ingenieurswese by US bevorder; dr T. H. Barry, as ere-professor in museumkunde by US aangestel; prof N. P. Louw, as professor en hoof van die Departement Herstellende Tandheelkunde by US aangestel; mnr M. Nell, as direkteur van US se Kliniek vir Kinderen Ouerleiding aangestel; dr M. G. Erasmus, as professor in publiekreg by US aangestel; dr P. J. Erens, as professor in meganiese ingenieurswese by US aangestel; dr P. W. Grobbelaar, tot professor in Afrikaanse Kultuurgeskiedenis by US bevorder; prof P. G. T. Overduin, as professor in biblioteekkunde by US aangestel; dr T. von Backström, as professor in meganiese ingenieurswese by US aangestel; mnr G. F. Loedolff, tot professor in siviele ingenieurswese (rigting betonbou) by US bevorder; ds Tappies Möller, dr Dirk Hattingh, ds Jan Hanekom en ds Ockie Raubenheimer, herkies in die moderatuur van die NG Kerk in Wes-Kaap-

land; mej Dene Smuts, aangestel as redaktrise van *Fair Lady*; prof W. A. Vosloo, ontvang van die SA Landbou-Unie 'n goue medalje vir 30 jaar se uitstaande diens aan die varkbedryf in Suid-Afrika; mnr Tertius van Huyssteen se boek "Hart van die Boland" (met tekening deur Hannes Meiring) verskyn; prof Johan de Villiers, dirigent van die US-koor, vir 'n geslaagde oorsese toer en die koor verower ook die eerste prys in die SAUK-TV se koor-kompetisie; prof D. J. Opperman en W. Kempen, ontvang erelidmaatskap van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns; prof H. P. Wassermann, aangewys as nuwe dekaan van US se Fakulteit Geneeskunde; mnr Owen Horwood, mnr Louis Rive en mev Wynnie Schumann, ontvang ere-doktorsgrade van die Universiteit van Stellenbosch; mnr Gerrit van der Veer, aangestel as bestuurs-hoof van die SA Lugdiens; dr A. P. Melck, as hoogleraar in ekonomie by US aangestel; dr D. Tromp, as hoog-

leraar in besigheidsbestuur en -administrasie by US aangestel; dr A. Coetzee, as hoogleraar in anesthesiologie by US aangestel; mnr Attie de Vries, as direkteur van US se Buro vir Ekonomiese Ondersoek aangestel; dr P. H. Spies, as direkteur van US se Eenheid vir Toekomstnavorsing aangestel; proff A. H. van Wyk, J. C. Kotzé en D. W. de Villiers, as dekane van hul fakulteite by US heraanstel; prof H. F. Vermaas, as dekaan van US se Fakulteit Bosbou aangestel; dr Johan Burger, aangestel as Hoof van die Winterreënstreek; ds J. J. Sieberhagen met ontvangs van D.Diac., *honoris causa*; alle Konvokasieledes wat as spelers of administrateurs/bestuurders 'n deel gehad het aan die sportprestasies van die Universiteit.

Verkieping van President

Prof G. G. Cillié word *eenparig* verkies tot President van die Konvokasie vir die tydperk 29 November 1983 tot 31 Desember 1985.

Die vergadering *verdaag* om 20h45. □

'Prof Klein-Gawie' 'n Stellenbosser soos min


Die nuwe Konvokasie-voorsitter is deur en deur 'n Stellenbosse universiteitsmens. Min oud-Maties het so 'n noue verbintenis met die Universiteit en die Eikestad as prof. G. G. Cillié, "Prof Klein-Gawie", soos wat hy oral bekend is.

Eintlik verwys die "klein" nie, soos wat 'n mens kon verwag, na sy postuur nie, maar na die feit dat hy die naam dra van sy pa, wyle "Prof Ou-Gawie" befaamde onderwyser en die eerste rektor nadat US in 1918 universiteit-status verkry het.

As seun van die latere rektor is prof Cillié jnr kort ná Uniewording, in Julie 1910, op Stellenbosch gebore. Die grootste deel van sy 74 somers het hy in die Eikestad gewoon en daar diep spore getrap.

Net twee keer was hy nie 'n Stellenbosser nie – in die dertigerjare toe hy lank oorsee gestudeer en daarna by Wits en UP dosent was, en die afgelope ses jaar wat hy, ná sy aftrede as wiskunde-professor op Stellenbosch, senior lektor in die kerkmusiek in Bloemfontein was.

Einde November verlede jaar het hy en mev Hettie Cillié egter "vir goed"



Prof Cillié

teruggekeer na hul huis naby die NG Moederkerk en net 'n klipgooi van die Akker af.

Prof. Cillié is aanvanklik as sterrekundige opgelei, want nadat hy in 1929 M.Sc. op Stellenbosch behaal het, het hy met 'n Rhodes-beurs aan Oxford 'n doktorsgraad in die astro-fisika (die studie van sterre en die sterreheemel) verwerf, en toe met 'n verdere beurs

nog twee en 'n half jaar in Amerika aan die Harvard-universiteit se sterrewag na-doktoraal gestudeer.

Hoewel hy altyd sy belangstelling in die sterrekunde behou het, was hy meer as veertig jaar 'n wiskundedosent. Vroeg in 1936 het hy dosent in die toegepaste wiskunde by Wits geword en drie jaar later dosent in wiskunde by UP. Ná ses maande word hy professor in wiskunde op Stellenbosch, 'n pos wat hy meer as 35 jaar beklee het.

Dit is egter as musiekkenner dat baie mense aan dié veelsydige akademikus dink. Vanaf 1941 was hy vyftien jaar dirigent van die Stellenbosse Universiteitskoor. Terselfdertyd het hy in 1946 die Kweekskoolkoor se eerste dirigent geword. En selfs dit was nie al nie, want – ook in 1946 – het hy gehelp met die stigting van die Stellenbosse studentesangfees, wat nou nog jaarliks gehou word. Gedurende 1939-1964 was hy ook orrelis van die NG Moederkerk.

Nadat hy "heeltemal afgetree het", is daar nog baie wat prof Cillié wil doen, soos om nog 'n boek oor die kerklied te skryf. Verlede jaar het sy boek *Waar kom ons gesange vandaan?* verskyn. □

Bibliotekaris, 12 dosente span uit

Nege professore en mede-professore het verlede jaar by die Universiteit afgetree. Hulle is proff. J. L. Sadie, P. B. Zeeman, K. F. J. Schwietering, A. J. Brink, L. C. Bowman, D. L. Ehlers, D. G. Franzsen, P. J. Cillié en F. P. S. le Roux.

Mnr. F. du Plessis, hoof-universiteitsbibliotekaris, en drie dosente, mnr. J. F. Uys (senior lektor in elektriese ingenieurswese), mnr. G. F. Stegmann (senior lektor in chemie) en mev. M. G. Bannerman (lektrise in Italiaans) het ook afgetree.

Prof. J. L. Sadie, hoogleraar in ekonomie en direkteur van US se Buro vir Ekonomiese Onderzoek, was in 1944 een van die buro se grondleggers. Met sy ontsaglike kennis van die bevolking- en ekonomiese demografie, sy eie treffende standpunt-formulering en sy belesenheid, was hy een van die buro se belangrike boumeesters.

Hy was meer as vier dekades aan US verbonde, word binnelands en buiteland as deskundige op die gebied van die demografie beskou en was die leermeester van menige van Suid-Afrika se top-sakemanne.

Prof. P. B. Zeeman het B.Sc. (*cum laude*), M.Sc. (*cum laude*) en D.Sc. aan US verwerf, is ook oorsee opgelei, het navorsingsinrigtings in Wes-Duitsland, Nederland en Brittanje besoek, is in 1956 tot professor in eksperimentele fisika bevorder en was verskeie kere voorsitter van sy departement.

Hy was vier jaar lid van die Eerste Minister se Wetenskaplike Adviesraad, was etlike jare sekretaris en tesourier van die Kerninstituut van die Suidelike Universiteit, was ook 'n lid van die Navorsingsadvieskomitee van die Raad op Atoomkrag en het met die stigting van die Kerninstituut 'n belangrike rol vervul.

Prof. K. F. J. Schwietering het die grade BA (Unisa) en LL.B. (US) verwerf en die Abe Bailey-stipendium vir studie in Cambridge, Leiden en Tübingen verower. Hy is een van die land se voorste kenners van die deliktereg, was lektor by die Potchefstroomse Univer-

siteit en senior lektor by die Universiteit van Rhodes voordat hy senior lektor en in 1972 hoogleraar by US geword het.

Prof. Schwietering het verskeie artikels, maar veral 'n breedvoerige en dikwels aangehaalde memorandum aan die Regshervormingskommissie oor verdeling van skadevergoeding, geskryf. Hy was 'n advokaat van die Hooggeregshof en praktiseer ná sy aftrede as advokaat aan die Kaapse balie.

van Geneeskunde se silwer-jubileumtoekenning.

Prof. Bowman het in Kaapstad en aan die Koninklike Musiekkollege in Londen gestudeer. In 1937 het hy 'n buitelandse studiebeurs van Unisa verower, het in Londen verskeie belangrike pryse en kompetisies gewen, en is deur die Koninklike Musiekkollege met die ere-toekenning FRAM bekroon.



Elf van die personelede wat einde verlede jaar afgetree het. Agter: proff Franzsen, Zeeman, Ehlers en Cillié en mnr Du Plessis en Uys. Voor: proff Bowman, Le Roux en Schwietering, mnr Stegmann en prof Sadie.

Prof. A. J. Brink – wat sedert Augustus 1971 dekaan van die Fakulteit Geneeskunde was en vanaf Januarie die eerste heeltydse president van die SA Mediese Navorsingsraad (MNR) is – het die grade MBChB (Wits), MRCP (Londen), MD (Pretoria) en DSc (US) verwerf en die Harwood Nash-prys in kliniese chirurgie, die David Lurie-prys vir die beste student in chirurgie en die Havenga-prys vir geneeskunde verower.

Hy is die skrywer van 40 wetenskaplike artikels en mede-skrywer van 67, asook skrywer van ses boeke en monografieë. Eretoekennings wat hy ontvang het, is onder meer die Staatspresident se Dekoratie vir Voortreflike Diens, die Recht Malan-toekenning, die Andries Blygnaut-gedenkmedalje en die Kollege

Hy het talle konsertreise in Europa, Skandinawië, Brittanje, Noord-Amerika, Australië, Israel en verskeie Afrika-lande onderneem. Naas sy talle uitvoerings, ook op TV en oor die radio, het hy ook twee langspeelplate uitgebring. Hy het in 1958 dosent en in 1976 mede-professor aan die Konservatorium geword.

Prof. Ehlers het BA (1940) en D.Phil (1968) aan US verwerf en ook aan UK en Unisa gestudeer. Hy was onder meer assistent-redakteur van Die Landman, biblioteek-assistent by US se universiteitsbiblioteek, bibliotekaris by UOVS, senior bibliotekaris by die Kaaplandse Biblioteekdiens en onder-bibliotekaris van die Parlementsbiblioteek voordat hy in 1962 by US se Departement Biblio-

teekkunde aangesluit het – eers as senior lektor en later as hoogleraar.

Hy het die Departement Biblioteekkunde opgebou van 'n klein departement met twee dosente, 'n handjievol studente en twee diplomakursusse tot een met ses dosente, 'n tegniese assistent, 'n tikster en meer as honderd studente wat verskeie diploma-, voorgraadse en nagraadse kursusse volg.

Prof. Franzsen het BA, MA en D.Phil. aan US verwerf, en het 'n beurs vir studie in Amerika ontvang, asook die Carnegie-beurs vir navorsing in Europa en in 1961 die Havenga-toekening vir ekonomie. Hy is die skrywer van verskeie artikels, mede-skrywer van die bekendste Afrikaanse ekonomie-handboek en voormalige president van die Ekonomiese Vereniging van SA. Vanaf 1940 was hy dosent en gedurende 1947-1949 professor aan US, waarna hy aan UP verbonde was. Van 1961 tot 1976 werk hy by die Reserwebank, waar hy as vise-president aftree. Tot April vanjaar was hy weer hoogleraar op Stellenbosch.

Prof. Cillié het in 1935 B.Sc. aan US verwerf. Daarna word hy 'n redaksielid van *Die Burger*, waarvan hy van 1954 tot met sy aftrede in 1975 vir 21 jaar die redakteur was. Die afgelope ses jaar was hy die stigter-hoof van US se nagraadse Departement Joernalistiek.

Hy is in 1948 van staatsweë na Wes-Europa gestuur vir 'n ondersoek van die

Regering se immigrasiebeleid. In 1954 was hy 'n lid van die SA afvaardiging na die konferensie oor Statebonds-betrekkinge in Pakistan en in 1965 was hy een van die 14 hoofgetuies in die Suidwes-saak by die Wêreldhof. Die Universiteit het in 1975 'n eredoktoraat aan hom verleen.

Prof. Le Roux het B.Sc. en M.Sc. (*cum laude*) aan US verwerf, asook MBChB aan UK. Sedert 1963 was hy lektor/spesialis, later senior lektor/eerste spesialis en vanaf 1982 professor by US se Departement Pediatrie. Hy is 'n eremediese beampte van die St. Joseph's-tehuis vir chroniese siek kinders. Sy pasiënte was besonder geheg aan hom en chroniese kinder-allergielyers het gereeld daarop aangedring om hom te sien.

Mnr. Du Plessis het aan US gestudeer en was 38 jaar aan die Universiteit verbonde. In 1968 het hy universiteitsbibliotekaris geword. Hy was ook as deeltydse dosent aan die departemente Biblioteekkunde en Skoolbiblioteekkunde verbonde. Vroeg in die sestigerjare het hy 'n uitgebreide studiereis deur Brittanje en Amerika onderneem. As skrywer het hy in 1963 die C. P. Hoogenhout-medalje vir die beste kinderboek van die jaar verower.

Mnr. Uys was sedert 1945 aan die Universiteit verbonde, eers as lektor en later senior lektor. Hy is 'n voormalige voorsitter van die Wes-Kaaplandse tak van

die SA Instituut vir Elektriese Ingenieurs. **Mnr. Stegmann** was sedert 1948 as chemie-dosent aan US verbonde. Hy is ook veral as musiek- en rolprentkenner bekend en is die skrywer van *Die Afrikaanse Operettegids*. **Mev. Bannerman** was sedert 1973 aan US verbonde. □

Meer as 60 jaar



Twee van die Universiteits-administrasie se mees senior amptenare, mnr Hans Zietsman (links) en Frikkie Mostert het einde Januarie afgetree nadat hulle saam meer as 60 jaar by die Universiteit gewerk het. Albei is Oud-Maties. Mnr Mostert is in 1948 as "liasseerklere" by US aangestel en mnr Zietsman nege jaar later as "komiteeclerk". Hulle het as hoof-administratiewe beamptes afgetree. □

Ingenieurswese 40 jaar oud

Die universiteit se Fakulteit van Ingenieurswese vier vanjaar sy 40ste bestaansjaar.

Reeds in 1941 is begin met die opleiding van ingenieurs, maar die Universiteit het aanvanklik 'n driejarige B.Sc.-graadkursus met "tegniese vakke" ingestel.

In 1943 het die eerste studente hul grade ontvang. Die gedagte was dat sulke ge-gradueerdes die derde en vierde studie-jare van die vierjarige B.Sc.-Ing.-graad aan die Universiteit van Kaapstad of Wits sou volg om as ingenieurs te kwalifiseer.

In 1941 is mnr H. L. Reitz, stadsingenieur van die Paarl, as die eerste dosent aangestel. Hy het teen 1943 besef die belangstelling in die B.Ing.-graad is

groot genoeg en so het die eerste Afrikaanstalige fakulteit in 1944 tot stand gekom.

Opleiding in die beginjare is gegee in siviele, werktuigkundige en elektrotegniese ingenieurswese.

As professore in werktuigkundige en elektrotegniese ingenieurswese is proff R. L. Straszacker en A. Heydorn aangestel terwyl prof. Reitz hoof van die Departement Siviele Ingenieurswese was.

Prof. Reitz was die fakulteit se eerste dekaan. Die Fakulteit kon sy eerste B.Ing.-gegradueerdes in 1945 lewer.

In 1949 is prof J. M. le Roux as professor in Toegepaste Wiskunde, 'n departement wat tot vandag toe binne die Fakulteit bestaan, aangestel.

Van die stigtersprofessore lewe proff. Heydorn, Straszacker en Le Roux nog. Prof. Reitz is in 1948 opgevolg deur prof R. Truter, wat ook nog op Stellenbosch woon.

Die Departement Chemiese Ingenieurswese is in 1969 ingestel met prof. N. J. Louw as die departementshoof.

Die fakulteit beplan om vanjaar talle oud-studente en -dosente vir 'n feesweek op 28, 29 en 30 September saam te trek.

Belangstellendes kan om meer besonderhede met mnr. Johan Fechter van die Departement Ontwikkeling in verbinding tree. Sy telefoonnommer is (02231) 77633. □

Oxfordse oud-hoof besoek sy Matie-Akker

'n **O**UD-MATIE wat as biochemikus wêreldbekendheid verwerf het en in 1965 as die eerste hoof van 'n nuwe kollege aan die Universiteit van Oxford aangestel is, het vroeg in Maart vanjaar op Stellenbosch vir die eerste keer in meer as vyftig jaar met een van sy eerstejaarmaats uit sy Wilgenhof-studentedae gesels. Dr. W. E. (Kits) van Heyningen (72) en dr Danie Craven was in 1929 saam eerstejaars.

Dr Van Heyningen het Suid-Afrika se rugbybaas in sy kantoor op Coetzenburg besoek, waarna hy vir middagete die gas van die Wilgenhoffers was. Hy het ook die Rektor en Vise-Kanselier, prof. Mike de Vries, ontmoet.

In 1934, twee jaar nadat dr. Van Heyningen, M.Sc. *cum laude* op Stellenbosch verwerf het, is hy met 'n beurs na Cambridge. Hy het sy doktorsgraad behaal, daarna met 'n beurs ook aan die universiteite van Harvard en Columbia in Amerika gestudeer en hom toe in Oxford gevestig, waar hy en sy Britse vrou, dr. Ruth van Heyningen, ná sy aftrede in 1979 steeds woon.

Behalwe vir 'n kort besoek in die vyftigerjare was dr. Kits van Heyningen nou vir die eerste keer in 'n halfeeu weer in sy geboorteland. 'n Belangrike rede vir sy besoek is dat hy aan sy outobiografie werk en hiervoor in Suid-Afrika inligting oor sy familie insamel. Hy was een van 'n gesin van sewe, waarvan slegs hy en 'n ouer broer, wat in Natal bly, nog leef.

Dr. Van Heyningen is in die Vrystaat gebore. Sy pa was 'n landdros, onder meer op Brandfort en later op Keetmanshoop in Suidwes. Dr. Van Heyningen onthou nog hoe swaar hulle ná sy pa se vroeë dood gekry het. Sy ma was 'n Engelse meisie, 'n nooi Higgs, en sy oupa aan sy pa se kant 'n Nederlander wat as predikant in 1859 uit Amsterdam Suid-Afrika toe gekom het.

Een van dr Van Heyningen se ooms was prof. P. J. van Braam, wat vir byna dertig jaar dosent in Latyn op Stellenbosch was.

Gedurende 1965-1979 was dr. Van Hey-



Dr Van Heyningen en Craven gesels oor hul Wilgenhof-dae meer as vyftig jaar gelede.

ningen die eerste hoof van St Crosskollege, een van die Universiteit van Oxford se nuutste kolleges. Hy is sedert die dertigerjare aan Oxford en was vir sowat twintig jaar as navorser aan die Sir William Dunn-patologieskool verbonde. In 1967 was hy ook besoekende professor aan die Universiteit van New York. Vir sy navorsing, wat onder meer op cholera en bakteriese gifstowwe toegespits was, het hy wye internasionale erkenning verwerf.

'n Groot eer wat hom op Oxford te beurt geval het, is dat hy vanaf 1961 vir baie jare 'n kurator van die Bodleianbiblioteek was. Dié beroemde universiteitsbiblioteek het meer as sewe miljoen boeke en die nuwes wat jaarliks aangekoop word, sal meer as twee kilometer beslaan as dit regop langs mekaar op rakke gepak word, sê dr Van Heyningen. In 1969 is hy ook benoem as 'n "visitor" van Oxford se ewe beroemde museum, die Ashmolean.

Sy vrou het ook 'n doktorsgraad in die biochemie en hul seun, 'n universiteitsdosent in Edingburgh, is ook 'n biochemikus. Die Van Heyningens het ook 'n getroude dogter.

Hoewel dr. Van Heyningen die afgelope vyftig jaar nie Afrikaans gepraat het nie, verstaan en praat hy die taal nog redelik goed. Sy kennis van Afrikaans het egter nie saam met die taal ontwikkel nie en hy praat dus die Afrikaans van vyftig jaar gelede.

Vir dr. Kits van Heyningen bly Stellenbosch steeds "een van die mooiste plekke in die wêreld." Hy was bly om te sien dat - ondanks al die nuwe geboue op die kampus - die koshuise Harmonie en Monica steeds daar is, want "al die mooi meisies het destyds daar gebly." Ook die Laan, sê hy, hou nog vir hom baie aangename herinneringe in.



Seniors ontnugter 'n depressiesot

Oud-Matie mnr. James ("Mollie") Moolman, afgetrede onderhoof van die Hoërskool Charlie Hofmeyr op Ceres, en wat nou op George woon, vertel van sy kennismaking met Stellenbosch presies vyftig jaar gelede.

Begin Januarie 1934 gaan ons ouder gewoonte kuier by ons eertydse plaasjuffrou toe 'n vreemde motor stilhou en twee here uitklim. Ek herken dadelik die een as Jip de Jager (eertydse professor/burgemeester en tans LPR vir Bellville) se jonger broer, Flip. Die ander een blyk toe Julius van Velden van die Stellenbosse distrik te wees. Hulle sê hulle is juis deur Jip gestuur om my ouers te kom ompraat om my *nie* Dagbreek toe te stuur nie, maar wel by ene Madam Lucie privaat te laat loseer.

Dit het ook nie veel oorreding gekos nie, want die Madam se losies was 'n daalder of miskien selfs 'n halfkroon goedkoper as Dagbreek... en onthou dit was 1934, net so 'n rapsie ná die ellendigste depressie in 'n leeftyd.

So erg was sake dat Papa 'n paar slagosse

uit sy beste slagorskamp, min of meer waar Kaap St Francis se strandoord nou is, huis toe gebring het om hulle met mielies behoorlik af te rond vir die Baaise mark om 'n geldjie te bekom om my "verder te laat leer." Die osse behaal toe die ongehoorde prys van £4-10-0 (R9,00) stuk.

Uiteindelik het einde Februarie aangebreek en was die afskeid daar. Papa het my dorp toe geneem met die twee pragtige, swart perde voor die deftige spaaider gespan. Van Humansdorp se stasie moes Sarel du Plessis, Evert Meyer en ek maar met die peretrein die tog Baai toe aanvaar. In Port Elizabeth loop ons toe vir Dawie Meyer en Spike Wait ook raak – reeds tweedejaars – en dié here trakteeer ons op die gulste manier denkbaar, asof ons reeds gesoute Maties was!

Die ontnugtering was egter om die draai. Net voor die trein uit Port Elizabeth sou vertrek, bespied ons iets vreemds in hulle houding. Beslis nie meer so vriendelik nie.

Op Uitenhage klim nog drie here op en nou is daar geen teken van vriendelik-

heid meer nie. Toe die trein Bluecliff se stasie bereik, verdwyn Evert en hy bly weg. Ná omtrent 'n uur is hy terug met hare wat in sy gesig hang en lyk kompleet soos 'n ding wat die katte drie-uur die oggend huis toe gebring het. Kort op sy hakke volg die tweedejaarhere.

Dié nag maak ons geen oog toe nie. Om alles te kroon, klim Steyn van die Spuy (tans LPR vir Waterkloof) op Uniondale Road op – ook 'n ou man, en nou gaan die pret eers voort.

Op George klim nog sotte en seniors op. Een van die sotte bestyg die trein in 'n wit krieketbroekie. Op Mosselbaai-stasie is 'n plas rooi modderwater. Ons moet toe oor die plas spring – en as jy oorspring, word die streep net mooi verder getrek. Uiteindelik beland die toekomstige landdros in sy wit broekie in die plas water. Met daardie betakelde broek moes hy die eerste 14 dae op Stellenbosch loop.

Ook die volgende nag maak ons geen oog toe nie. Uiteindelik is die trein op Wellington, waar ons moes ook klim na Stellenbosch. Ek moes uiters bekla-



enswaardig gelyk het, want ek was teen dié tyd al uit my bagasie plus kosmandjie plus "rugstrap". Toe ontferm twee senior dames, Twinkle Hanekom (later getroud met Blaar Coetzee) en Hettie Kirchner, hulle oor my en neem my onder hulle sorg tot op Stellenbosch.

Op Stellenbosch-stasie wil ek net in 'n taxi klim, toe ek wreed aan my broek se agterwêreld uitgepluk word en gevra word wie ek dink ek is om per motor na my tuiste te wil gaan. Laat die middag het my ou besittinkies toe darem by my losiesplek by Madam Lucie opgedaag.

Nou wie gaan jou nou wys waar jy met die inskrywery geholpe kan raak? Einste Jip de Jager wat so kontant was om my uit Dagbreek te hou, ken my nou nie. Ook Charlie de la Harp had ander belange as om hom aan 'n sot se trawale te steur. Die eerste dag beland ek glad in prof. Edgar se Grieks III-klas.

Daardie jare was daar net twee manskoshuise, Bekfluit en Dagbreek, en 'n swetterjoel privaatkoshuis soos Quarry Woods en nog 'n tros in Hofmeyrstraat. Dan speel Bekfluit en Dabreek twee keer per jaar gekombineerd teen Privaat rugby. Vandag word ek verseker dat gemelde twee koshuise nie so 'n span kan saamstel nie "uit wedersydse liefde en respek vir mekaar!"

In die loop van 1934 het Rozenhof, toentertyd in Pleinstraat ongeveer waar die Stadsaal tans is, een nag afgebrand. Uiters ooglike nooit is daar aangehou, 'n lus vir die oog in dagklere, wat nog te sê in hul nagkabaai! Nou wel, toe die alarm gegee word, het al die skoonhede net in wat hulle aangehad het die straat ingehardloop. Ons was spoedig ook op die toneel – nie sodanig om bystand te verleen nie, maar om die dames gade te slaan!

Daardie dae was ons bitter arm. Ek word dan ook, as 'n besondere eer teenoor 'n sot, deur Spike Wait, J. C. de Wet, H. L. Swanepoel, Mauritz Grundlingh en Kie genooi om in die somervakansie 'n ramkamp in die Strand by te woon. Destyds was daar 'n string bouvallige huisies, min of meer waar Afrikaneroord vandag is, te huur vir 'n appel en 'n ei.

Die kosvoorraad is teen 'n uiters billike prys in Dorpstraat gekoop. Dan reis twee (uitgelote) lede van die geselskap met die trein met al die benodigdhede via Eersterivier en die ander klomp met snaar en stramboel (en watter vreugde het dit ons nie verskaf nie). In Rusoord (of te wel Spookhuis) was genoeg meisies tuis, maar tydens so 'n ramkamp was meisies taboe en het jy duur betaal as dié reël verbreek is!

Maar 1934 het ten einde geloop en ek het betyds vir Dagbreek aansoek gedoen. Willeman van der Merwe en ek was die enigste Matie-tweedejaars wat nuut in Dagbreek gekom het. Ons moes die volle doop deurmaak: kasterolie, stick-up-boordjie, beker-om-die-lyf, ens. Net ons hare is nie gesny nie.

Maar dit was erger gesteld met twee wat eers Ikeys was, te wete Roelof van der Merwe en ene Gorfinkel. Malan de Kock was doopkaptein en hy besluit dat 'n geldstuk se opskiet hul lot sou beslis. Kruis, dan word hul hare gesny; munt, word hulle hare ook gesny. Op gaan die pennie en beland jou waarlik op sy kant in Malan se "turn-up"! Beslissing: Hul hare word in elk geval stomp-kop gesny. Teen Junie-maand kon Roelof darem so 'n beduidenis van 'n kantpaadjie kam.

Nou net, wie was intertyd die groot kokkedore: Dagbreek had deurlugtige here te wete Ben Havemann, Jan (Ter) Hurter, John Vorster, Jan Haak, Gus Cluver (wat 'n intervarsitystok kon swaai dat jy eintlik hartseer raak), Piet Daneel, Bokkie Kritzinger, Flip van Dyk, Tienie le Roux, J. C. de Wet, om nie eens te praat van Spurgeon Flemington en J. C. Conradie nie – beide altyd in die beste sin van die woord "the height of sartorial perfection". □

WINTERSKOOLO BIED WEER BAIE

Interessante kursusse, lesings en besprekings word beplan vir US se tweede Winterskool, wat gedurende 11-22 Junie op Stellenbosch en by die Tygerberg-kampus aangebied word.

Een van die Winterskool se hoogtepunte is 'n kursus oor Stellenbosch se argitektuur. Mnr Hans Franzen van Pietermaritzburg, kenner van die Kaaps-Hollandse argitektuur, en mnr Revel Fox van Kaapstad, 'n deskundige op die gebied van moderne boustyle, sal saam met ander kenners die Eikestad se argitektoniese erfenisse in oënskou neem.

Ander onderwerpe waarmee die leek op die Winterskool kan kennis maak, is kern- teenoor konvensionele kragentrales; die reg in die alledaagse lewe; aspekte van die abstrakte kuns in die twintigste eeu; die ouer/kind en die rekenaar; goeie programmering is maklik; en museumkunde.

Vir die liefhebbers van moderne musiek word lesings oor onderwerpe soos *musiek en publiek sedert 1884* asook *Rock en Pop vandag* aangebied. Die aanbieders sluit in die komponis dr Roelof Temmingh en mnr Wimfried Lüdemann (albei dosente aan die Konservatorium) asook mnr Kerneels Breytenbach, Die Burger se kunsredakteur.

Vir die filosoof in elke mens gaan daar 'n reeks interessante besprekings wees oor *Sport en Spel: 'n filosofiese oefening*, aangebied deur die bekende prof Willie Esterhuyse.

Besonderhede oor die Winterskool is verkrygbaar van die organiseerder, mnr. Neels Britz. Sy adres: Winterskool, 84, Universiteitskantoor, Stellenbosch 7600, tel. (02231) 77586. □

SR soek 'n nuwe lied


Die Matie-studenteraad wil vanjaar nog 'n wedstryd vir 'n nuwe Universiteitslied uitskryf. Uit 'n studenteraadsondersoek voorverlede jaar het geblyk dat alle Maties glad nie meer die lied ken nie, of die musiek en veral die woorde (soos *Delgo-strand, Victoriane of hoëskool*) as baie verouderd beskou.

Mej. Annake Oosthuysen, die SR-lid wat hiermee belas is, sê die raad beoog om 'n prysgeld vir die beste lirieke en musiek vir so 'n lied uit te loof. Besonderhede sal deur die nuusmedia bekend gemaak word.

Oud-Maties word uitgenooi om hieroor van hulle te laat hoor of aan die wedstryd deel te neem, sê mej. Oosthuysen. Haar adres is: Studenteraad, Langenhoven-studentesentrum, Universiteit, Stellenbosch, 7600. □

Wassermann volg Brink op

Die Universiteit van Stellenbosch het 'n nuwe heeltydse dekaan en vyf nuwe professore. Prof. H. P. Wassermann is van die begin van die jaar af heeltydse dekaan van die Fakulteit van Geneeskunde in die plek van prof. A. J. Brink, wat die MNR se eerste heeltydse voorsitter geword het. Die nuwe professore is prof. A. P. Melck (ekonomie), D. Tromp (manekragbestuur, US-Bestuurskool, Bellville), A. Coetzee (anesthesiologie, Fakulteit Geneeskunde), B. A. Muller (diakoniologie, Fakulteit




Prof Tromp

Teologie) en A. V. van Stekelenburg (Latyn). Prof. J. A. J. Nel van Pretoria is vanaf April as professor in soölogie aangestel.

Ander senior aanstellings by die Universiteit is dié van mnr. A. J. M. de Vries, voorheen adjunk-direkteur van die Buro vir Ekonomiese Ondersoek, as direkteur van die Buro, dr. O. D. J. Stuart as nuwe adjunk-direkteur van die Buro en dr. P. H. Spies as direkteur van die Eenheid vir Toekomstnavorsing.

Dr. J. H. Viljoen is van adjunk-universiteitsbibliotekaris tot direkteur: bibliotekediensbevorder. Sy aanvaarding van die pos aan die begin van die jaar het met die ingebruikneming van die Universiteit se nuwe J. S. Gericke-biblioteek saamgeval.


Prof. Wassermann (54) is in Pretoria as dokter opgelei en het later aan US 'n



Prof Wassermann

meesters- en in 1961 'n doktorsgraad in die geneeskunde verwerf. Tot 1972 toe hy professor in die interne geneeskunde geword het, was hy onder meer vir sowat vyf jaar direkteur van die MNR se Navorsingseenheid oor Pigmentmetabolisme. Sedert 1981 was hy mededekaan van die Fakulteit Geneeskunde, die derde grootste van US se 12 fakulteite.


Prof. Melck (34), het B.Comm., LL.B. en M.Comm. aan US verwerf en daarna ook BA en MA aan Cambridge behaal. Einde verlede jaar het hy 'n doktorsgraad in die ekonomie op Stellenbosch verwerf. Hy het ook die musiekkwalifikasie FTCL aan die Trinity College of Music in Londen behaal.



Prof Melck

Dr. Tromp (40) het op Potchefstroom gestudeer, waar hy M.Comm. in 1968 verwerf het. In 1980 het hy sy doktorsgraad aan US behaal. In 1977 word hy senior lektor by die Universiteit se Bestuurskool in Bellville. Gedurende 1980-1982 was hy hoof van die Bestuurskool se MBA-program. Dr. Tromp is 'n geregistreerde bedryfsielkundige en manekragpraktisyn.

Prof. Coetzee (32) het in 1974 as dokter aan US gekwalifiseer. Sedert 1977 is hy



Prof Coetzee

verbonde aan die Tygerberg-Hospitaal, vanaf 1981 as narkose-konsultant. Hy het in 1981 'n meestersgraad in die geneeskunde verwerf, daarna aan Worcester-kollege, Universiteit van Oxford, gestudeer en in Maart vanjaar 'n doktorsgraad aan US verwerf.

Prof. Muller (52) het in 1951 sy ingenieursgraad met lof aan UK verwerf waarna hy ook BA by Ikeys verwerf het voordat hy aan die Stellenbosse Kweekskool as predikant opgelei is. In 1961 behaal hy 'n doktorsgraad in die teologie *cum laude* aan die Vrije Universiteit van Amsterdam. Hy was predikant op George, mede-leraar van die NG gemeente Stellenbosch-Sentraal en sedert 1970 is hy aan die Kweekskool verbonde, waar hy in 1981 mede-professor geword het.

Prof. Nel (45) het B.Sc. en M.Sc. op Stellenbosch verwerf en sy doktors-

graad aan UP. Sedert 1960 is hy dosent aan UP, waar hy in 1978 mede-professor geword het en verskeie kere hoof van die Departement Soölogie of direkteur van die Soogdiernavorsingsinstituut was.

Dosente wat vanaf 1 Januarie bevorder is tot of aangestel is as senior lektore is drr L. G. de Stadler en R. H. Gouws (Afrikaans en Nederlands), dr J. W. van S. Wait (sielkunde), mev M. C. Vosloo en A. E. Knye (huishoudkunde) en mnre B. W. Smit (ekonomie), J. G. Lourens (elektriese en elektroniese ingenieurswese) en F. A. Sirgel (mikrobiologie en virologie). Dr G. F. S. Wessels (chemie) is vanaf 1 April aangestel.


Nuwe lektore is mev J. J. Sloth-Nielsen (publiekreg), L. Viljoen (huishoudkunde), D. P. van Zyl (Afrikaans en Nederlands) en S. F. de Vries (Latyn), mej A. E. Feinauer (Afrikaans en Nederlands) en mnrr J. Vos (rekenaarwetens-

kap). D. U. Bellstedt (biochemie), G. A. Schoombee en J. C. Lötter (ekonomie) en J. J. Smit (meganiese ingenieurs-



Prof Muller

wese). Mev H. J. Higgs is as junior lektrise in geneeskundige maatskaplike werk aangestel.



Prof Van Stekelenburg

Saamtrek kom vir wyn- en wingerdkenners

'n Saamtrek van al die Universiteit van Stellenbosch se oud-studente in Wynbou-Oenologie - nou bekend as Wingerd- en Wynkunde - word vir 30 November vanjaar beplan. Dit sal die eerste keer wees dat so 'n byeenkoms vir dié twee departemente se oud-studente gehou word.

'n Kort simposium waaraan van die oud-studente kan deelneem, sal deel van die saamtrek wees. Uitstappies en 'n dinee/dans word ook beplan en die

Oud-Maties se vrouens of metgeselle kan die dagsaamtrek bywoon.

Die Universiteit het nie volledige gegewens oor watter van sy oud-studente wat in die landbouwetenskappe gestudeer het 'n wingerd- of wynkunde-kursus gevolg het nie. Dié oud-Maties word dus gevra om hul name en adresse te stuur aan mn. Andries Esterhuys, adjunk-direkteur, Departement Ontwikkeling by die Universiteit. Sy telefoonnommer is (02231) 77645.

Uitnodigings en 'n volledige program vir die saamtrek sal later aan almal gestuur word.

Mense wat aan die simposium wil deelneem of voorstelle vir onderwerpe of sprekers het, kan met proff. C. J. Orffer, hoof van die Departement Wingerdkunde, (telefoon 77538/77800), en C. J. van Wyk hoof van die Departement van Wynkunde (telefoon 77781), in verbinding tree.

Oud-Maties: Adresse, asseblief

Die Universiteit wil graag met alle Oud-Maties in verbinding bly. As u - of 'n ander Oud-Matie van wie u weet - nie *Matieland* kry nie, sal ons dit waardeer as u hierdie vorm invul en stuur aan:

Die Redakteur, *Matieland*, Universiteit, Stellenbosch, 7600

Titel en van:

My ou adres vir *Matieland*:

Voorname:

.....

Nooiensvan:

Matieland moet aan my nuwe werkadres/woonadres gestuur word. (Haal deur wat nie van toepassing is nie).

Grade en/of diplomas aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf, met jaartal:

My nuwe werkadres:

Grade en/of diplomas van ander universiteite (meld universiteit en jaartal):

My nuwe woonadres:

.....

.....

MBA-programme word al gewilder

Al hoe meer gevestigde en voornemende sakemanne van dwarsoor Suider-Afrika en selfs uit die buiteland kom jaarliks na die Universiteit se Bestuurskool in Bellville om hul talente en professionele vaardighede verder te ontwikkel. Vanjaar weer het die studentetal met meer as 15 persent toegeneem.

Meer as die helfte van die 509 MBA-studente op die kampus is ouer as 30. Hulle verteenwoordig al die bevolkings-groepe.

In die afgelope jaar is meer as 1 100 navrae oor die MBA-programme ontvang teenoor 450 in 1980. Die Bestuurskool se direkteur, prof Helgaard Muller, skryf die groeiende belangstelling toe aan die al groter behoefte van sake-manne om hulle in die bestuursveld beter te bekwaam – 'n behoefte wat oral in die Westerse wêreld ondervind word.

Die feit dat die Stellenbosse Bestuurskool die enigste in Suid-Afrika is wat benewens die heeltydse en deeltydse


MBA-programme ook twee modulêre programme aanbied, dra by tot die groei in die studentetal. Die MBA in Manne kragbestuur en Arbeidsbetrekkinge en die program vir Uitvoerende Bestuurders maak dit vir sakemanne oor die hele Suid-Afrika – vir wie dit moeilik is om lang tydperke van hulle werk af weg te wees – moontlik om vir hierdie programme in te skryf. Die modulêre programme stel dus studente in staat om 'n MBA-graad deur beperkte klasbywoning en praktykgerigte tuisopdragte te behaal.

'n Toename in die inskrywings vir die nie-graadprogramme aan die Bestuurskool word ook ondervind, veral in die ontwikkelingsprogramme vir eerstelynbestuurders en vir uitvoerende bestuurders, asook die kursus in arbeidsbetrekkinge.

Die groot getal navrae oor die Bestuurskool-programme vir 1985 wat reeds vanaf Januarie ontvang word, dui daarop dat die getal studente volgende jaar verder kan groei. □



*Mnr P Teunissen (links), senior navorser aan US se Instituut vir Toegepaste Rekenaarwetenskap, het verlede jaar nie net die gesogte Ou Mutual-medalje vir akademiese prestasie aan die Bestuurskool verower nie, maar is ook as een van die twee beste studente in finansies aangewys. Mnr Teunissen het die grade B.Com., B.Com.Hons. en M.Com. almal **cum laude** aan die Universiteit behaal. Hy ontvang die goue medalje hier van mnr F. J. Davin, Ou Mutual se besturende direkteur.*



'n Argitekmodel van die beoogde, nuwe Bestuurskoolgebou – die eerste gebou wat op die Universiteit se Bellvillepark-kampus opgerig gaan word. Die bouwerk begin later vanjaar en behoort teen die einde van volgende jaar voltooi te wees. Die nuwe gebou, wat onder meer lesingsale, 'n rekenaarkamer, besprekingslokale en 'n kafeteria bevat – het nodig geword vanweë die stygende studentetal die afgelope aantal jare en omdat die Bestuurskool in baie ontoereikende, tydelike geboue digby die Karl Bremer-hospitaal gehuisves word.



Die atrium wat die gebou se twee verdiepings met 'n loopvlak verbind en daglig tot onder inlaat.



Op verskillende plekke in die biblioteek is vakbibliotekaris se om die biblioteekgebruiker te help.



Enkele van die 1400 studiesitplekke kan op dié foto gesien word. Ronde kleurskywe teen die rakke dui aan in watter afdeling van die biblioteek 'n mens is.



Die halfvol met die bou

KAMPUS KRY 'N NUWE 'HART'



rooide gebou soos dit in Junie 1982 gelyk het, byna 'n jaar nadat daar verk begin is.

Op die Stellenbosch-kampus klop 'n nuwe hart – die moderne universiteitsbiblioteek wat in Januarie in gebruik geneem is. Dié spog-gebou is een van die grootste en bes toegeruste universiteitsbiblioteke in die land. Dit is ook Suid-Afrika se enigste biblioteek wat heeltemal ondergronds is.

Dat 'n biblioteek die hart van die kampus moet wees, was die hoofrede waarom die J.S. Gericke-biblioteek onder die Marais-plein in die middel van die kampus gebou is. Dit is die mees sentrale plek – so na as moontlik aan die meeste akademiese geboue – veral dié vir lettere en wysbegeerte, die natuurwetenskappe, opvoedkunde, regsgeleerdheid en die landbouwetenskappe. Verder lê dit langs die Langenhoven-studentesentrum en administrasiegeboue.

Só is hierdie groot, waardevolle stuk grond in die middel van die kampus benut en terselfdertyd as 'n oop ruimte gehou.

Die “nuwe” plein het ruim geplaveide loopareas, asook grasperke, struie en kleiner bome. Coert Steynberg se standbeeld van wyle mnr Jannie Marais, wat met sy dood in 1915 £100 000 (R200 000) aan die destydse Victoria-kollege nagelaat het, het weer 'n ereplek gekry. Ook die sonnewyser, wat in 1972 volgens 'n ontwerp deur C. J. Langenhoven gebou is, is terug op die plein.

In die nuwe biblioteek is plek vir sowat een miljoen boeke. Die huidige voorraad is ongeveer 600 000. Daar is nagenoeg 1400 studiesitplekke (in die ou Carnegie-biblioteek was slegs 400), asook 'n aantal toesluit-studiehokkies, wat nagraadse studente vir lange tye kan bespreek soos wanneer hulle aan M- of D-skripsies werk. Daar is ook 'n lesingsaal met 146 sitplekke (o.m. vir die Departement Biblioteekkunde), 'n ruim Africana-kamer en afdeling vir ander spesiale versamelings, 'n bindery en restourasie-afdeling, 'n groot, leesafgeslote area en nog 'n oop leesruimte waar die nuutste tydskrifte aangehou word.

Die gebou se vloeroppervlakte is 17 000 vierkante meter – groter as drie rugbyvelde. Anders as die meeste geboue van dié grootte beslaan dit egter net twee verdiepings, wat een van die be-

langrikste voordele is van 'n ondergrondse gebou op dié groot plein. Dit maak die gebou ook uiters funksioneel, met feitlik geen binnemure nie, en aanpasbaar vir toekomstige, veranderde behoeftes.

'n Ondergrondse gebou skakel ook buite-afwerking en latere onderhoud buite uit. Boonop is die temperatuur ondergronds redelik konstant, wat lugversorgingskoste laer hou, want vir biblioteekboeke se behoud is lugversorging en min natuurlike lig wenslik. 'n Suil in die middel van die gebou en vensters by die hoofingang laat egter albei daglig tot op die onderste verdieping in dele van die gebou in, sodat 'n mens nooit “vasgedruk” voel nie.

Vir die oprigting van die nuwe gebou is meer as een miljoen stene gebruik, asook 11 000 kubieke meter beton, byna agte kilometer rioleringspyp en 1 560 ton staalversterking. Die pleisterwerk was genoeg om agt rugbyvelde te bedek en die tapyt genoeg vir drie rugbyvelde.

Voordat die bouwerk kon begin, moes 150 000 kubieke meter (25 000 groot vragte) grond uitgegrawe word – genoeg om 715 rugbyvelde met 'n bolaag van 25 mm te bedek.

Carnegie heringerig

Daar word later vanjaar begin met die herinrig van die Carnegie-gebou, wat tot einde verlede jaar vir 45 jaar die universiteitsbiblioteek gehuisves het. Die Buro vir Universteits- en Voortgesette Onderwys, die reproduksie-afdeling en ander afdelings van die universiteitsadministrasie sal daarin gehuisves word.

Oud-Maties se bydraes en 'n groot skenking van £15 000 (R30 000) het die oprigting van die gebou in 1938 moontlik gemaak. Daarna is dit verskeie kere vergroot.

• 'n Dertigtal manstudente is in die eerste kwartaal tydelik in die Carnegie-gebou gehuisves totdat verblyf in koshuise vanweë kansellasies vir hulle beskikbaar geword het. □

TOP AWARDS TO 3 ACADEMICS

The three annual awards of R5 000 each of the Claude Harris Leon and the Percy Fox Foundations for 1983 have been awarded to Stellenbosch academics. They are Prof A. J. (Andries) Brink, who retired as dean of the Faculty of Medicine in December, Prof J. L. (Jan) Sadie, former director of the University's Bureau for Economic Research, who also retired in December, and Prof R. de V. Pienaar, head of the Department of Genetics at the University.

This is the first time that these prestigious awards have gone to three people from the same institution.



Prof Brink

Prof Brink became full-time president of the SA Medical Research Council in January and Prof Sadie has been appointed lecturer extraordinary at the Bureau.

According to Mr Alan H. Leon, chairman of the Claude Harris Leon Foundation, the three men had been honoured for the immense contribution they had made in their various fields of study. "They are scientists of national and international standing and their research is held in high esteem, not only in South Africa, but also abroad," he said.

Referring to Prof Brink, Mr Leon said



Prof Pienaar

it was remarkable that a single individual could have contributed with so much distinction to virtually the entire field of human health in a career spanning 38 years. "There is hardly an area in medical research, education and clinical medicine which has not been markedly influenced by Prof Brink. Had he applied himself to one single field of medicine one wonders what vast international acclaim he may have achieved."


Prof Brink won international acclaim for his studies on the cardiomyopathies, the leading cause of cardiac death in South African Blacks.

Apart from two doctor's degrees (an MD obtained at the University of Pretoria in 1951 and a D.Sc. (Med) obtained at Stellenbosch in 1971) Prof Brink was also awarded an honorary doctorate by the University of Natal in 1976. He is a Fellow of the Royal College of Physicians and of the American College of Cardiology. The Decoration for Meritorious Service was conferred on him by the State President in 1981.

